Hulle sal dan werk, die vlees van hierdie mens vermeng saam met die reënmedisynes. En dit sal reën in Augustusmaand, nl. die reën wat genoem word: 'Wegveër van die kaf'. Dit wil sê die eerste reën.

## D.7

### PHAFANA YA PULA

Ou Kgatla-segman (6), Mathubudukwane, Botswana. 19.8.1952)

'Phafana ya pula' ke setlôbo sa pôô. Ya re ge pôô e. boloiwa se be se tloisiwa go ntshiwa marête a yona.

Go bo go tshelwa mosutele mo teng, mme ya bewa gore e ome. Go bo go ntshiwa mosutele gape.

Yaanong go tla tsena setlhare sa pula mo teng:-  
Go tsena masepa a *Kgwadira*. (7) Ge a goa, o bitsa gore ntwá e etla. Ke go re e bitsa ntwá.

### DIE REËN-'KALBAS'

Die Reën-'kalbas' is die scrotum van 'n bul. As bv. 'n bul geslag word, dan word die scrotum geneem en die testes verwyder.

Daar word dan kraalmis in gegooi en dit word gebêre om droog te word. Daarna word die mis weer uitgehaal.

Nou word die reënmedisyne daarin gesit:-  
Die mis van die visarend (7) kom daarin. As hy skree dan roep hy om te sê die vyand kom. Dit wil sê hy kondig stryd aan.

(3) *gobe*:

(4) *mangaka*: 'n seldsamer meervoudsvorm van *ngaka*.

(5) *kôma*: oorwinningslied.

(6) Hy was 'n gesiene ouderling in die kerk hoewel nie volwaardige *ngaka*. nie, tog kundig.

(7) *Kgwadira*: die groot vis arend, 'n baie gesogte kragmiddel. Selfs net sy mis wat in die water gevind word waar hy slaap.

D.7

Go bo go tsena *Mmamasiloanoka*.<sup>(8)</sup>  
 Re tsa'a ntlo yotlhe fela, ke go re sentlhaga.  
 E a tsenwa mo teng. Bogolo re batla  
 setswalo sa Mmamasilo, ke go re lebati la  
 sentlhaga.

Ge re ka baya legonyana le'fa  
 kgorwaneng ya lesaka la dikgomo gore di  
 se tloganye ge di tsena le ge di tswa, di  
 tla be di na le modisa; dikgomo tse!  
 Legonyana le ke modisa wa tsona.

Ke go re, le ge legodu le ka tla go di  
 utswa, legonyana le, kampo Mamasilo o  
 tla di thibella. Ge a di gapa, o tla mo  
 ngapa ka dinala.

Jaaka ge go tsenye masepa a Kgwadira  
 le ntlo ya Mamasilo' mo phafaneng, ke go  
 re mo: setlobong, mafura a teng ke metsi  
 a pula. Ke go re: go o le kwa Tlhabane,  
 kampo kwa Mokwena kampo kwa  
 Mangwato kampo kwa borwa, mme go nna  
 pula, o tsa'a metsi a teng ka lenakanyana,  
 mme o a tliša mo gae. Yaanonong o a  
 tshella mo phafaneng o a fudua. A tla  
 oma mme a ntse a le teng.

O di tshotse, wena! O bogôma ge o  
 'bereká', mme e tla nna fela gogotlhe.

Kgosi ge gotwe ke e tona, kegore o  
 kgona dilo tse. Mo a re fetang teng ke  
*kgwanyape*.<sup>(9)</sup> Yona ga re e bone gope.

Ge gotwe kgosi e itse pula, e be e  
 tshotse *kgwanyape*. Ke ene fela o a e  
 kgonang.

Noga e, e kgonwa fela ke dipheko tsa  
 teng.

Daarna kom die hamerkop in (8)  
 Ons neem sommer sy hele huis, d.w.s. die  
 nes. Hiervan moet in (die reënmiddel)  
 kom. Ons wil veral graag die 'deur' van  
 die hamerkop hê, d.w.s. van die nes.

Indien mens hierdie stokkie (die 'deur')  
 by die opening van die beeskraal sou sit  
 sodat hulle daarvoor spring as hulle in- of  
 uitgaan, dan sal hulle 'n opasser hê;  
 daardie beeste! Hierdie stokkie is dan  
 hulle oppasser.

Dit beteken dat al sou 'n dief kom  
 om hulle te steel, dan sal hierdie houtjie,  
 of liewers: die hamerkop, hulle afkeer.  
 As hy hulle probeer aanjaag sal die  
 hamerkop hom met sy naels krap

Soos wat daar die mis van die vis-  
 arend en die nes van die hamerkop in  
 die kalbas, d.w.s. in die scrotum gesit is,  
 daar is die 'vet' (om dit mee te meng)  
 reënwater. Dit beteken dat as jy in  
 Rustenburg is of in Kwenaland of by  
 die Mangwato of in die suide, en dit  
 daar reën, dan neem jy van daardie  
 reënwater in 'n horinkie en jy bring  
 dit huistoe. Jy gooi dit dan in die 'kalbas'  
 en roer dit. Dit sal droog word, en tog  
 nog daar wees.

Jý het dit nou! Jy is 'n kragtige as  
 jy werk en dit sal oral reën.

As hulle sê die stamhoof is die grote,  
 dan is dit omdat hy hierdie dinge kan  
 doen. Waar hy ons meerdere is, is met  
 die *kgwanyape*-slang.<sup>(9)</sup> Hom kry  
 ons nêrens nie.

As daar gesê word: Die stamhoof  
 kan reën maak, dan is dit omdat hy die  
*kgwanyape*-slang het. Hy is die enigste  
 persoon wat die slang kan beheer.

Hierdie slang, kan alleen beheer word  
 deur die 'kragmiddele' daarvoor.

(8) *Mamasiloanoka*: die hamerkop, 'n gesogte kragmiddel by die beskerming van beeste.

(9) *Kgwanyape*: die legendariese slang wat so vinnig trek dat sy wind verwoesting saai en dakke afruk. Hy woon volgens tradisie op die berg *Modipe* in die Kgatla-gebied van Botswana en trek soms oor die boomtoppe na die *Phutadikobô*-rante by Mochudi.

D.8

**GO THIBELA PHEFO**

(Kgatla-*ngaka*, Pilanesberg, Tvl. 26 Jan. 1963)

Ge phefo e iletsa pula go nna ka mokgwa wa tlhago ya Setswana, go tsewa *lee la mpyê*, (1) *Lesitwane*, (2) *Mosetlha*, (3) *Kgwara*, (4) le *Lelota* la mooka. Tse nne di a silwa ka lwala boleta sentle. Jalo di katelwa ka mo teng ga lee ka lelota, o bo o le lebisa borwa, o le epetse ntlheng ya borwa. (5)

Tiro ya bobedi ya go thibela phefo ya mariga go tshuba mabele ka pele: re tsaya masepa a kôrwe a tswakangwa le lelota la moôka. Go dubiwa dipheko tse: *Mosetlha*, *Kgwara*, *Lesitwane*, lee la mpye, masepa a korwe.

O phunya lee, le tsenwa ke phefo ka mo teng ga lona pele, gore kgatsele ya lee a gatsele, o bo o e thiba, dipheko tse o di tsentse ka mo teng ga lee.

D.9

**MOOKODI KA LEE LA MPSHÊ**

(Kgatla-*ngaka*, Modipane, Botswana, 1955)

Ga go na pula e e tla go fetang.

Mookodi wat Setswana sa bogologolo, sa lefatshe le, ke *lee la mpshê*, legapa la teng. Go phungwa phatlhanyana kwa tlhagong. Go bo go dirwa tshitlho ya teng ka:-

**OM DIE WIND TE KEER**

As die wind die reën verhinder om te val volgens wat gebruiklik is onder die Batswana, dan word 'n volstruiseier<sup>(1)</sup> geneem, asook katdoring<sup>(2)</sup>, huilbos<sup>(3)</sup>, *Pelargonium luridum* <sup>(4)</sup>, en môkabye se was.

Die vier word gemaal op 'n maalklip tot 'n fyn poeier. Dan word hulle in die volstruiseierdop gesit, en jy maak die eier (dop) toe met by-was, en wys dit in die rigting van die suide, terwyl hy dit so suid begrawe. (5)

Die tweede taak, naamlik om die wind te keer, sodat dit nie die koring te vroeg dood laat ryp nie; daarvoor neem ons boskraaimis. Dit word gemeng met mokaby-was. Die volgende krag-middele word gemeng: huilbos, *Pelargonium*, katdoring, volstruiseier, en mis van 'n boskraai.

Jy maak 'n gaatjie in die eier, en laat die wind eers daarin waai sodat die wit van die eier koud kan kry. Jy maak die gaatjie dan toe nadat jy hierdie krag-middele in die eier gesit het.

**REËNMAKER MET VOLSTRUISEIER**

Geen reën sal by jou verby trek nie.

Die Setswana 'reënmaker' van lank gelede, van hierdie wêrelddeel, is 'n 'volstruis-eier', die dop daarvan. Daar word 'n klein gaatjie bo-in gemaak, en dan word die kragmiddel daarvoor berei met:-

- 
- (1) Dit moet 'n jong volstruis se eier wees. Nog die beste is as die voël rondgejaag word en dan die eier laat val van skrik.
  - (2) *Lesitwane*: (Pl. 570) *Asparagus suaveolens* Burch. katdoring.
  - (3) *Mosetlha*: *Peltophorum africanum*.
  - (4) *Kgwara*: (Pl. 508) *Pelargonium luridum* (Andr.)
  - (5) As die prop uitgetrek word en die wind waai in die eier, dan draai die wind en bring reën.

D.9

*masepa a kwena,*  
*masepa a tlou,*  
*masepa a nare,*  
*masepa a kubu,*  
*lekakaeiye,*  
*Lesisimogō, (1)*  
*Moêtapele, (2)*  
*Mokaekae, (3)*  
*Dira-ga-di-bonwe. (4)*

*mis van die krokodil,*  
*mis van die olifant,*  
*mis van die buffel,*  
*mis van die seekoei,*  
*die grootpoot modder-padda,*  
*die Lesisimôgo-plant*  
*die Moêtapele-plant*  
*Ipomoea magnusiana, en die*  
*Dira-ga-di-bonwe-plant.*

D.10

**PHEMELO MO MARUNG**

*Kgwara*(5) ke pheko ya *meleko*.(6)  
E tswakwa le meleko ya matlapa jaaka  
letlapa la *tšhadube*.(7)

Kgwara e kgona go femela motho  
mo marung, ge maru a tla ka makete  
a dikgadima.

Kgwara e tswakangwa ka lee la mpye  
o monye wa morobana le letlapa la  
*legakwa*(8), gore o gaise tumo ya maru  
ka go iphemela ka yona pheko e.

E dira e le moleko ka bonosi:  
Ke 'kgwara pallabanna'.

Ditlhako di e tshwara ka *lewa*(9) le le  
reng: "Di tswa *boroka*(10), di tswa borwa;  
di tlhaga di le bollo; di ageleng matlo. Ge  
di tla di tla senya di bolaya motho le  
ditshedi! "

Go rialo ke go re:

Le *thee* (11) ngwaga mo tshimologong  
ka dimepe tsa *Monga*(12) o o tshwarang,  
di tle di tshware ngwaga otlhe.

**BESKUTTING TEEN ONWEER**

Die *Sphedamnocarpus*-plant (5)  
is 'n kragmiddel teen pogings om te  
'toor' (6) Dit word gemeng met die  
kragtige onder die klippe soos  
*tšhadube* (7)

Die *Sphedamnocarpus*-plant kan  
'n mens beskut teen die (donder)  
wolke, as hulle opkom, swaar gelaai  
met weerligte.

Hierdie *Sphedamnocarpus*-plant (se  
knolle) word gemeng met die eier van  
'n jong volstruiswyfie en 'n stukkie  
vuurklip,(8) sodat jy die donderweer  
kan oortref deur jouself te beskut met  
hierdie kragtige middel.

Die plant is so 'sterk' dat dit alleen  
kan optree: Dit is die *Kgwara* wat  
manne baasraak'.

Die dolosse verwys na hom met die  
valwyse wat sê: 'Hulle kom van die rigting  
van die reënmakers, hulle kom van die  
suide; hulle kom verhit; maak vir hulle  
hutte. As hulle kom sal hulle verniel;  
hulle sal mens en dier doodmaak.'

Deur so te praat, word bedoel:

Julle moet aan die begin van die somer  
die jaar beveilig(9) met penne van swart-  
haak wat vashaak, sodat hulle die hele  
jaar kan vashou.

- 
- (1) *Lesisimogo*: pr. *Ipomoea crassipes* Hook var. *longipedunculata* Hallier.  
(2) *Moetapele*:  
(3) *Mokaekae*: (Pl. 206) *Ipomoea magnusiana* Schinz.  
(4) *Dira-ga-di-bonwe*:  
(5) *Kgwara*-*Sphedamnocarpus pruriens*, *setlhare se se nang le digwete*, 'n boom met knolle  
soos ertappels wat as 'n kragtige middel beskou word.  
(6) *meleko*: pogings om te toor, dus ook baie 'gevaarlike' middele, toormiddele.  
(7) *tšhadube*: rooi korrelrige klip wat beskou word as die weerlig se urine.  
(8) *legakwa*: vuurklip; hierdie klip het reeds die 'weerlig' in hom vasgevang; en word as  
'n kragtige middel beskou.  
(9) *lewa*: 'n wyse waarop die dolosse geval het.  
(10) *boroka*: die rigting van die reënmakers.  
(11) *go thaya*: is om 'gedokterde'penne in te slaan om te beveilig, oordragtelik om 'n  
fondament te lê, of iets te beveilig.  
(12) *Monga*: *Acacia detinens*, swarthaak, hakiesdoring.

D.11

*GO THIBELA DIPHEFO*

(Kwena-*ngaka*, Marico dist. Tvl., 1953)

Ge bankane ba'ago ba ka go leka  
ba re ba tl'o tsa'a ntlo e ya gago ka  
phefo, o thibella diphefo ka  
*Moomane*.<sup>(1)</sup> Ka sengaka ke *Moratletla*.  
Ke setlhare sa diphefo

O a se sila, modi wa teng, o se  
kopanye le ditlhare tsa lenaka go thibella  
phefo.

Gape ke molemo wa baloi. Ke go re se  
fapaanya batho gore ba nne ba omanyane.  
Le legong la teng ga le gôdiwi, ka le a  
omanya.

*OM DIE WINDE TE KEER*

As jou gelykes jou wil 'probeer'  
deur te dink dat hulle hierdie huis van  
jou gaan wegvat met die wind, dan  
wend jy die wind af met "Die Rusie-  
maker" Maerua schinzii.<sup>(1)</sup> Dit is 'n  
middel teen wind.

Jy maal dit fyn, die wortel daarvan,  
en meng dit met die ander middele van  
die medisynehoring om die wind af  
te keer.

Ook is dit 'n middel van die toor-  
naars Want dit vervreem mense van  
mekaar sodat hulle net rusie maak.  
Selfs met die hout word nie vuur ge-  
maak nie aangesien dit rusie maak.

D.12

*GO THIBELLA MARU: TLADI LE  
SEFAKO*

(Matabele-*ngaka* woonagtig by Kgatla Botswana, 1953)

Go thibella maru, ke go re: tladi,  
ge motho a rata go go kolopa ka sona,  
ke go re o ka theisetsa ruri mo mmeleng,  
gore motho a seke a go kolopa.

Ke go re ke tla tsa'a modi wa *Mmawa*<sup>(2)</sup>  
le matlhare a *Leube*<sup>(3)</sup> ke a kopanya, ke a  
sila. E tla re ka kgwedi ya dipula ke tla  
batla lephatsa la setlhare se se iteilweng  
ke *tladi*. Ke go re ke tsee thata ya teng.  
Le yona ke tla e sila ke e tlhakanya le  
bupi ba ditlhare tsa *Mmawa* le *Leube*.

Ke tla duba ka metsi a *sefako*<sup>(4)</sup>, gore  
le yona e tsene mo teng. Ke be ke kgetla  
dimpa tse pedi tsa *Moretlwa*<sup>(5)</sup>, ke di  
tshase ka molemo oo ke o dirileng, mo  
dintlheng tsa teng, ke be ke o thathe.

*OM 'DIE WOLKE': WEERLIG EN  
HAEL, TE KEER.*

Om wolke te keer, d.w.s. weerlig, as  
iemand jou daarmee wil 'gooi', dan  
kan jy permanente beskutting op jou  
liggaam aanbring, sodat iemand jou  
nie kan 'gooi' (tref) nie.

Ek sal dan van die *'Mmawa'*-wortel  
neem en die *'Leube'*-blare, en hulle  
meng en fyn maal In die reënmaand  
(Des.) soek ek 'n splinter van 'n boom  
wat deur die 'weerlig' getref is. D.w.s.  
ek neem dan van sy krag. Dit sal ek  
ook fyn maal en meng met die poeier  
van die *'Mmawa'* en *'Leube'* plante.

Ek meng dit met haelwater<sup>(4)</sup>,  
sodat dit ook daarin kan kom. Ek pluk  
dan twee rosyntjeboslatte<sup>(5)</sup> en smeer  
dit met daardie middel wat ek berei het,  
d w.s. ek smeer die punte en dan  
knoop ek elke een (in 'n lus.)

(1) *Moomane, Moratletla (Nga.):* (Pl. 135, 417) Maerua schinzii. Pax.

Hierdie teks mag O.B. Miller interesseer waar hy in sy 'Woody plants' (1952 p.16)  
sê van hierdie plant "much used by native 'doctors', purpose not known."

(2) *Mmawa:* (Pl. 130) (Nyanja).

(3) *Leube:* (Pl. 131) (Nyanja).

(4) haelstene word in 'n bottel gegooi en bewaar vir gebruik in die teenmiddel teen hael.

(5) *Moretlwa:* *Grewia flava* DC. rosyntjebos.



## D.12

Yaanong ke tla di tlhoma ka fa teng ga ntlu mo byang, ebong marago a mpa. Go rialo ke go re ke thaisitse, gore ge motho a ka nkolopa ka tladi, tladi e tle e boele kwa morago kwago ene, e mo tshubele ntlu.

Gape ke tla tsaya molemo o, ke o baya mo leseleng ke o phutha ke be ke o rokela mo teng, ke se bofelle mo letsogong laaka. Ke go re yaanong kae le kae kwa ke yang teng, e tla re motho ole ge a leka go nkolopa ka tladi, go tla fsa ene.

Ge ke tsaya *Mmawa*, ke go re e na le modi o o tlhamaletseng o o boteng thatathata. Ke go re se itêla kwa tlase fela jaaka tladi.

Ge ke tsaya *Leube* mo molemo wa tladi ke go re matlhare a teng, ga a foforegi le ge e le mariga. Le ge o ka re se omeletse, se ntse se le tala. Ke go re ke dira gore molemo o ke o dirang o seke wa omella, o nne motala fela. Gape *Leube*, se fsa kapele, se le metsi. Ke go re ke dira gore tladi e tswela pele e boele kwa morago e itee motho ole o o nthometseng tladi eo.

Vervolgens steek ek hulle binne in die huis in die gras (van die dak), nl. die agterkante van die latte. Deur dit te doen het ek (die wip) gestel, sodat as iemand my 'gooi' met die weerlig, die weerlig (-voël) kan teruggaan na hom toe en vir hom sy huis aan die brand gaan steek.

Ook sal ek van hierdie middel neem en dit in 'n lap sit, dit toevou en dit daarin toewerk en dit om my arm bind. Dit beteken dan dat oral waarheen ek mag gaan sal daardie persoon as hy my probeer 'gooi' met die weerlig, dan sal hý brand.

As ek die *Mmawa* -plant neem dan is dit omdat dit 'n reguit wortel het wat baie diep is. D.w.s. dit slaan af net soos die weerlig.

As ek die *Leube* -plant in die middel teen weerlig sit, dan is dit omdat die blare daarvan nie afval nie, selfs nie in die winter nie. Selfs as jy reken hulle is droog, dan is hulle nog groen. Dit beteken dan dat ek maak dat hierdie middel wat ek berei nie moet droog word nie, maar net groen bly. En ook brand die *Leube*-plant gou terwyl dit nog nat is. Dit meen dan dat ek die weerlig aanhelp om terug te keer om daardie mens te tref wat die weerlig na my gestuur het.

## D.13

### NGAKA E A IPHEMELA

(Kgatla-*ngaka* en veearts-assistent, Botswana, 1955)

Ngaka ya Setswana e phela mo gare ga tsietsi ka nako engwe le engwe. O lebilwe ke marumo a dingaka tse dingwe tse di ratang go mmolaya: go mo lomisa noga, go mo otlala ka legadima, go mo tsentsa, go mo etsa setlai, go mo fetola semumu, go mo tseisa le noka, go mo rôba, go mo ntsha segole, go mo senyetsa leruo, go mo kgatlhanya le ditau.

Ga go go tona e ka reng, re ntse yana, ra bona tau e setse e le fa. Yago tsenya letshogo. Go o se monna, o se monna tota wa ngaka, e ka go tshosa, wa swêla ruri. Mme ge o iphetlhetsi ka melemo ya gago, gonko o tshoga sepe.

Go iphemela game, ke go tsaya lenaka lame. Ke yona thebe yame e ke iphemelang ka yona. Ke tla tsaa *thabêlana* yame, ke letsa phala, ke lokile molemo wame mo teng. Mme ke letsa nakana e lla. Mme ke lebile *tau* ka meno,

### 'N NGAKA BESKUT HOMSELF

'n Tswana-*ngaka* leef binne in gevaar te alle tye. Ander *dingaka* se assegaai is op hom gerig, wat hom wil doodmaak deur: hom deur 'n slang te laat pik, hom met weerlig te tref, hom besete te maak, hom onnosel te maak, hom stom te maak, hom deur 'n rivier te laat wegspoel, hom te breek, hom gebreklik te maak, sy besittings te verniel, hom leeus te laat raakloop.

Dit skeel nie veel nie, of terwyl ons nog so sit, sien ons 'n leeu hier. En hy laat jou groot skrik. As jy nie 'n man is nie, 'n regte *ngaka*-man, sal jy so skrik dat jy heeltemal doodgaan. Maar as jy jouself beskerm het, met jou 'medisyne', sal jy vir niks bang wees nie.

Ek beskut myself met my medisyne-horing. Dit is my skild, waarmee ek myself beskut. Ek sal my beskermmiddel neem, en op die fluit blaas, nadat ek my 'medisyne' daarin gesit het. Ek blaas dan hoorbaar op die fluit, terwyl ek na die 'leeu' wat vir

### D.13

mme ke e silofatsa. E be e kgwafofala.  
Ke be ke tloga fa go yona, e ntse e  
ntebeletse mme e esile mmenô.

Mme ge e le *legadima*, ge ke le bone  
pele la ntlha, le sa ntheka, mme le tla  
ka bollo, e dimpa tsa ngaka tse dingwe,  
mme ke letsa phala, mme kampô ke  
matshegare, motho o tla utlwa fela le lla,  
mme ke iphemela!

Mme ka lebaka leo, mong wa legadima  
le, ge a sa tia, le tla boela go ene, mme le  
tla tsena ka botlhoko mo go ene.

Ge e le *noga* e a e nthomeletseng, kampo  
ke e gatile, ke tla tsaya ditlhare tsa me ge  
e ntomile, mme ke tla itlhatsisa ka lenaka  
le lame le, ke be ke itlhabela ka lenaka le;  
nôga e, ke be ke e bolaya. E be e bowa  
e yo bolella gore ke tshwerwe!

my knor kyk, en ek maak hom onnosel.  
Hy word dan mak. Ek gaan dan van hom  
weg terwyl hy nog na my kyk, maar sy  
tande nou teruggetrek het.

En as dit 'weerlig' is, as ek dit die eerste  
keer sien en dit my nie van agter oorval  
nie en dit brandende kom, die swepe  
van ander *dingaka*, en ek blaas my fluit,  
miskien in die middel van die dag, sal  
mens net die fluit hoor terwyl ek myself  
beskut!

Om daardie rede dan, as die stuurder  
van hierdie blits nie sterk is nie, keer dit  
na hom terug en sal hom met leed tref.

As dit 'n 'slang' is wat hy na my gestuur  
het, dat ek miskien daarop getrap het,  
dan neem ek my medisynes as hy my  
gebyt het, dan sal ek myself met (medisyne  
in) hierdie horing van my laat opgooi, en  
myself met die medisyne inkerf; ek maak  
die slang dan dood. Hy gaan dan terug en sê:  
Ek is gevang!

### D.14

#### TSHIRELETSO MO LEGADIMENG

Mo lebakeng la maru, mo letsatsing  
le le golo, 'le ka tlhagang ka legadima  
le le bolayang motho gongwe phologolo,  
tshireletso ke *pheko e e moleko* o o  
sireletsang motho. Pheko e ke  
*Thwagadima*. (1) Kamoo, yone e  
tshwanetse go fetlhela mo marung, e a  
kgalemela.

Ge o atisitse go tlhapa ka yona, o tla  
bona gore bokete ba go duma ga maru,  
a tllilo katoga fa o leng teng.  
O e tshela mo metsing, o bo o tlhapa.

#### MARU GE A DUMA LE LEGADIMA

Maru ge a duma, ke ge dinonyane(2)  
di tshameka mo go ona, di itumella,  
di tsama'a le ona.

Ge go le bollo, bollo bo goga makete  
a otlhe a dinonyane, ge di le kwa.

Mogote wa teng o fitlha kwa go tsone  
mme di tuka mollo. E be e tlhaga e  
fologa e ratha sengwe jaaka motho gongwe  
phologolo.

#### BESKERMING TEEN 'N WEERLIGSTRAAL

Ten tye van wolke, as die son baie  
warm is, dan kan dit 'n weerligstraal bring  
wat 'n mens of dier kan doodmaak, dan  
is die beskerming die 'towerkrachtige'  
middel wat die mens beskerm. Hierdie  
kragmiddel is 'Weerlig'-straal (1) (karee-  
doring). Daarom moet die plant in die  
wolke gaan afweer en hulle verdryf.

As jy 'n gewoonte daarvan maak om  
daarmee te was, dan sal jy vind dat die  
swaar dreuning van die wolke, sal padgee  
van waar jy is.

Jy gooi dit in water, en dan was jy  
daarmee.

#### DONDERWEER EN WEERLIG

As die wolke dreun, dan is dit wanneer  
die voëls (2) daarin speel, en daaroor bly  
is, en saam met die wolke gaan.

As dit warm is, dan trek die hitte al die  
gewig van die voëls, as hulle daar (bo) is.

Daardie hitte kom tot by hulle en dan  
slaan hulle aan die brand. Dan kom hy af  
en tref iets soos 'n mens of 'n dier.

(1) *Thwagadima*: *Lycium oxycladum* Miers. (Pl. 573) ('weerligstraal') kareedoring.

(2) die 'weerligvoëls' word hier bedoel (sien verderaan in teks).

D.14

Nonyane e, e kana ka lenong.

Mae a yone a nna kwa lewatleng.

O ka e bona fela kwa lewatleng.

Batho ba basweu ba nale thata le botlhale go ka e tshwara.

Ka 1948 e ile ya wela mo tamong ya Manamakgothe, tamo e tletse.

Ge pula e tshwanetse go duma, ge e gadima e bonesa metsi a a mo tamong. A fetoga seiponi, ka go re a eme. A lewatle, a a tsama'a.

Yona nonyane eo, ya bo e wela mo seretseng mo gare ga metsi. Maru a ba a phatlalla. Mme Modimo o dirile gore e lebane le nna.

Ke ne ke bileditswe dikgomo di le mo sakeng gore ke di laole. Ditlhako tsa ntsha<sup>(4)</sup> yona mo metsing. Mme ra ya kwa teng ra yo e fitlhela. Re e tsere metswetswe e e ka bang 'iri' gore re be re e tshware.

Ga e na matla go fofela ko'o dimo ge go se na maru. Thata ya yona ke maru. Mme ra e kgona, e le rona batho fela.

Mme ra lemoga gore selo se ke moleko. Jalo ge ya *setlhelwa* <sup>(5)</sup> mo dinakeng tsotlhe tse di tlhamang,<sup>(6)</sup> ebong ya tlhago ya motho montsho.

Le 'berek'a' dikgomo le batho.

Mo lefukeng la teng, ga e na malokollo. Ke *ditshika* <sup>(7)</sup> fela tse di taologang.

E tshweu-tshweu! E ya phatsima. Engwe e tshwana le 'pou'.

Ge re bona legadima le ratha, ke gone ge re e bona e le mo lebelong.

Matlho a yona a masibidu. A tshwana le a *sekolo*.<sup>(8)</sup>

Hierdie voël is so groot soos 'n aasvoël.

Sy eiers die is daar by die see.

Jy vind hom net by die see.

Die wit mense het die krag en die wysheid om hom te vang.

In 1948 het een geval in Modderkuil<sup>(3)</sup> se dam, toe die dam vol was.

Toe die reën moes dreun, en dit weerlig het dit die water verlig wat in die dam is. Dit verander toe in 'n spieël omdat dit stil (water) is. Die see (se water) beweeg.

Daardie voël, val toe in die modder in die water. Die wolke is toe uitmekaar. Maar Modimo het dit so beskik dat die voël vir my moes wees.

Ek was daarheen geroep vir beeste wat in die kraal was, om oor hulle dolos te gooi. Die dolosse wys toe <sup>(4)</sup> die (voël) aan in die water. Ons gaan toe daarheen en kry hom toe daar. Dit het ons ongeveer 'n uur geneem om hom in die hande te kry.

Hy het geen krag om boontoe te vlieg as daar nie wolke is nie. Sy krag is in die wolke. En ons het hom toe baasgeraak, net ons mense.

Ons het toe besef dat hierdie 'n toorkrag is. Daarom is toe van hom stukke afgesny<sup>(5)</sup> en (ingewerk) in al die horings wat kragmiddele meng<sup>(6)</sup>, nl. volgens die gebruik van die swart mens.

Dit word gebruik vir beeste en mense.

Die(voël) het nie litte in sy vlerk nie. Dit is net spiere wat ontvou.

Hy (die voël) is spierwit! Hy blink. 'n Ander een lyk soos 'n pou.

As ons sien 'n weerligstraal blits, dan is dit wat ons hom in sy volle vaart sien.

Sy oë is rooi. Hulle lyk soos 'n nagapie syne

(3) Modderkuil: by Pilanesberg in die Rustenburg distrik.

(4) *ntsha*: uithaal, hier: aanwys.

(5) *Setlhelwa*: om stukke van af gesny te word.

(6) *tlhama*: om kragmiddele in 'n medisynehoring te meng.

(7) *ditshika*: kan spiere, are, geslagte beteken volgens die verband. (*mesifa*: senings, spiere).

(8) *sekolo*: nagapie.

## D.15

## MAFURA A TLADI (1)

(Kgatlana-*ngaka*, Pilanesberg, Tvl. 2.4.1963)

Ke pheko e e batlegang thata mo lenakeng; le ge o ka rothetsa fela. Thuso ya yona ke go femela: ge e le gore maru a seke a go tshwenya, kampo motho ge a go kolopa ka yona, e ka seka ya go bolaya.

Lenaka le, o le tihamile ka *seboko sa motlhwa*. Seboko sa motlhwa ga senke se rathwa ke tladi. Ge pula e na, motlhwa o a tswala.

Ge pula e fetsa, motlhwa o ntsha phatlha gore mowa o tsene fa teng.

*Monga* (2) le *Montshwane* (3) ga di rathwe ke tladi. Ke tsone ditlhare tse di tihamang fela jaaka ge o lomela ka tladi.

*Dimepe* (4) tsa teng ke *Monga* mme modi wa teng ke one o o lokelwang mo lenakeng.

## DIE WEERLIGVOËL SE VET (1)

Dit is 'n kragmiddel wat baie nodig is in die (medisyne-) horing; al sou jy net in drup. Die nut daarvan is om te beskut in 'n geval waar jy nie wil hê dat die (hael-)wolke jou moet pla nie; of as iemand jou met hom (die weerligvoël) gooi, dan sal hy jou nie doodmaak nie.

Hierdie horing het jy berei met 'die wurm van die rysmier' (koningin). Die rysmier-'wurm' word nooit deur die weerlig raakgeslaan nie. As dit reën, maak die rysmiere (hul nes) toe.

As die reën ophou, dan maak die rysmiere weer 'n opening sodat die lug daar kan inkom.

Die swarthaak (2) en *Cadaba termitaria* (3) word nie deur die weerlig getref nie. Dit is die plante waarmee die horing berei word. Hulle het net versterkers nodig, soos wat jy met die weerlig(-voël) kan versterk.

Die penne(4) daarvoor is swarthaak, en die wortels hiervan word in die horing gesit.

## D.16

## TLADI

(Mokalaka-*ngaka* van noord Botswana)

Ge ke batla go thibela tladi, ke tsa'a *tšhadibe* (5) Ke letlapa, mme ke moroto wa tladi. O epiwa fa tladi e iteileng teng. Ke a se sila. Ke tsa'a senke, ke a se tshasa sefapaano, ke e pega mo godimo ga ntlo. Sefapaano se leba kwa godimo. Se 'bureka' tladi se le nosi.

*Bodibabontsho*, (6) segwere sa teng, se 'bureka' t'adi (7) go e boisetsa kwa mong a yone, gore e yo mo ut'wisa bot'hoko. Ke yone t'adi. Ke nonyane. E nna kwa t'ase ga metsi.

## WEERLIG

As ek die weerlig(-voël) wil keer, dan neem ek *tšhadibe*. (5) Dit is 'n klip, maar dit is die urine van die weerlig(-voël). Dit word gegrawe waar die weerlig geslaan het. Ek maal dit fyn. Dan neem ek 'n sink en maak 'n kruis daarop en sit dit bo-op die huis (se dak). Die kruis kyk boontoe. Dit 'bework' die weerlig -voël so alleen.

'Die donkerkuil' (6) se bol 'bework' die weerlig om dit terug te stuur na sy meester, om hom seer te maak. Dit is die weerlig. Dit is 'n voël. Hy woon onder die water.

- 
- (1) Die weerlig is 'n voël wat van die see af kom, met skerp, rooi oë en lang vlerke. (seemeeu),  
(2) *Monga*: (Pl. 402). *Acacia detinens* Burch. swarthaak. / (flamink).  
(3) *Montshwane*: (Pl. 486) *Cadaba termitaria* N.E.Br.  
(4) *dimepe*: penne met 'medisyne' aan wat by hut, land, kraal, of stat ingeslaan word vir beveiliging.  
(5) *tšhadibe*: korrelrige rooi klip, na bewering die weerlig se 'urine' op sand.  
(6) *Bodibabontsho*: pienk bolplant.  
(7) Die Kalaka uit noord Botswana verswyg dikwels die 'l' bv. *t'adi* i.p.v. *tladi*; *bot'hoko* vir *bothoko* ens.

D.16

*Lefoka* la yone, *la t'adi*, le 'a lediwa. O e busa ka Bodibabontsho. O sila lekwati la Bodibabontsho; o le tsenya mo lerapong la t'adi, lefoka la yona. O bo o letsa, o re: pff! gore e boele kwa mong a yone Le ene o t'a ut'wa bot'hoko. E t'a mo gôlôfatsa; go tswa foo e tshuba nt'o.

*Mosetsana ga-a-bonwe* (8) o a silwa; o 'bureka' t'adi go e emisa gore e se ke ya be e atamela gaufi le wena.

Modi wa *Morotologana* (9) o a nowa O thibela motho ge a iteilwe ke tladi; o mo tsosa gore a eme, a tsoge, a tsamae.

*Thetele* (10) go tsewa lekwati la teng, wa le gasa ka metsi, o le thugile. Le a thibela gore e se ke ya ba ya fologa.

*Selalabyanye* (11), ke go re phogo ya motho: o ita'a gongwe le gongwe le ge e le mo lebitleng Motho wa teng, ke go re: o o bolaileng moswi, le ene o tla tsenwa. Go kopangwa le *Mogobagoba* (12)

O bopa motho, o 'ira 'pôpô' ka letsopa. O sila *Selalabyanye*, o kopanya le *Mogobagoba*, o gasa motho o o mmopileng o mo gasa ka seditse o mmita ka leina la yo o suleng.

Go tla tsena *Tšhadibe* le *Bodibabontsho* le *Selalabyanye* le *Mogobagoba*.

Ba bane ba, ba romiwa ka lefoka la t'adi (13) Ke go re o a e bitsa, e tl'o bola' motho yo o bolaileng yo mongwe. Mme tladi e fologe ge o e bitsa.

Die vlerk van die weerlig(-voël) word gefluit. Jy stuur hom terug met 'donkerkuil'-plant; jy maal van die bas van 'donkerkuil' en sit dit in die been van die weerlig(-voël), sy vlerk(-been). Dan fluit jy daarop: pff! sodat hy na sy eienaar kan terugkeer. Hý sal dan ook seer kry. Die (voël) sal hom vermink; en dan (sy) huis aan die brand steek.

Die wortel van 'die meisie-word-nie-gesien-nie'(8) word fyngemaal; dit word gebruik om die weerlig (voël) tot stilstand te bring sodat hy nie naby jou kom nie.

Die wortel van die suurpruim (9) word gedrink Jy keer 'n mens as hy deur die weerlig (voël) geslaan is; jy rig hom op om te staan, en te loop.

'n Stuk skil van die slangkop (10)-bol word geneem en jy besprinkel dit met water nadat jy dit fyn gestamp het. Dit keer dat hy, (die weerligvoël) nie moet afkom nie.

Die lêer-in-die-gras(11), d.w.s. 'n mensskedel. Hiermee 'slaan' (tref) jy enige plek, selfs op 'n graf. Die verantwoordelike persoon, d.w.s. die een wat die dooie dood gemaak het, dit sal ook in hom vaar. Dit word verbind met *Plectranthus cylindraceus*.(12)

Jy vorm 'n mens, deurdat jy 'n pop maak van klei. Dan maal jy mensskedel fyn en meng dit met die *Plectranthus* en dan sprinkel jy die mens wat jy gemaak het met 'n wildebees-stertkwas terwyl jy hom roep met die naam van die afgestorwene.

Hierby kom weerligvoël se urine, 'donkerkuil', mensskedel, en *Plectranthus cylindraceus*.

Hierdie vier, word gestuur deur die vlerk(-been) van die weerligvoël.(13) Dit meen: jy roep hom om daardie een te kom doodmaak wat die ander een om die lewe gebring het. En die weerlig(-voël) kom af as jy hom roep.

(8) *Mosetsana-ga-a-bonwe*:

(9) *Morotologana*: (Pl. 73) *Ximenia americana* L. var *microphylla*, suurpruim.

(10) *Thetele*: (Pl. 64) *Urginea* (burkei Bak.) *Sanguinea* Schinz., slangkop.

(11) *Selalabyanye*: 'Die lêer in die gras', 'n mens se liggaamsdeel, veral skedel, kopbeen.

(12) *Mogobagoba*: *Plectranthus cylindraceus*.

(13) *Tladi*: die weerligvoël is volgens hierdie Kalaka *ngaka*: "rooi met 'n krom bek, kort pootjies soos 'n eend, vlieg in die wolke; het groot toonnaels, word by die see van S.W.A. gesien. Sommige is ook gelerig en ander swarterig."

E.1.

*DIPHEKO MO DIBATENG*

(Ou Kgatla-segsman, Botswana 1951)

Ge re re: jêka kwena ge e sule, kampo tau, kampo noga, kampo phepeng, gore di na le tiro e kgolo, e ntse e sule jaana, go tshwana fela le setlhare:

O ka se epolla, sa ba 'sa swa. O bo o tsa'a modi wa teng o se sila o se fetola bopi. Mme o tla se fitlhella se na le matla. Fa gongwe matla a go fodisa; fa gongwe matla a go bolaya. Mme mo dibateng go tshwana fela jalo! (1)

*DIPHEKO TSA DIPHOLOGOLO*

(Ou Kgatla-segsman, 1951)

Kana phologolo ge o re o e bolaile, ga e a swela ruri. (2)

Jaaka kwena, ge e bolailwe, baloi ba tlil'o tsa'a sebate sa yona, ba e sila, ba e anega, e omelle. Mme ge ba re ba lowa motho ka yôna, ba tliilo tsa'a bupi ba sebate sa kwena ba se tsenya mo dijong, ba go naya. (3)

Mme dijo tse, ge di fitlha ka mo maleng, di tlil'o fetoga dikwenanyana mo maleng, mmaatsô a ntse a sule. Mme tsona di yo phela ge di utlwa metsi mo mpeng ya motho. Mme di tlaa duma mo mpeng. (4)

Dingaka di tlil'o re: "O jesitswe (dijeso) ka sebate sa kwena. Mme dikwena tse di tlil'o ja mateng a'go." Motho a swa, mme e ne e le bupinyana fela!

Kana motho o a tle a dume mala ka ntlha ya tlala, kampo mowa mo mpeng. Foo ya be e se dijeso.

*KRAGMIDDELE MET ROOFDIERE*

As ons sê: soos 'n krokodil as hy dood is, of 'n leeu, of 'n slang, of 'n skerpioen, dat hulle 'n belangrike funksie het terwyl hulle so dood is, dan is dit net soos 'n plant:

Jy kan hom uitgrawe, en dit gaan dood. Dan neem jy daarvan 'n wortel en maal dit fyn en verander dit in poeier. En jy sal vind dat dit krag het. Miskien krag om te genees; miskien krag om dood te maak. En onder die roofdiere is dit presies dieselfde! (1)

E.2.

*KRAGMIDDELE VAN DIERE*

*As jy dink dat jy 'n dier doodgemaak het, dan is hy natuurlik nie geheel en al dood nie. (2)*

Soos 'n krokodil as hy doodgemaak is, dan sal die toornaars kom en sy lewer neem, dit fyn maal, dit uitsprei en dit droog. En as hulle van plan is om iemand daarmee te toor, dan neem hulle die poeier van die krokodil se lewer en sit dit in voedsel en gee dit dan vir jou (om te eet.) (3)

As hierdie kos in die maag kom, verander dit in klein krokodilletjies in die maag, terwyl hulle moeder al die tyd dood is. Maar hulle gaan lewe sodra hulle die water in die mens se maag voel. En hulle sal geluide maak in die maag. (4)

Die *dingaka* sal sê: "Hulle het jou (vreters) laat eet deur krokodillewer. En hierdie krokodille sal jou ingewande eet." 'n Mens gaan dood, en dit was maar net 'n bietjie poeier!

'n Mens se maag maak soms geluide weens honger of winde in die maag. Maar dit is nie 'vreters' nie.

- (1) Hier wys Antipas op die Bantoe logika m.b.t. 'dooie' diere wat nog hulle 'krag' het.
- (2) Hierdie sin is 'n sleutel tot die begrip van die Bantoe denke: 'n Ding wat doodgemaak is is nog nie 'dood', of kragteloos nie. Sy wese of krag is nog daar aanwesig.
- (3) Gepoeierde lewer word gesien soos 'saad' van bv. krokodilvoortplanting.
- (4) 'n Bietjie krokodil 'saad' wat in 'n mens se maag groei, word verstaanbaar as ons dink dat vir die *Motswana* is dit die man en vrou se 'bloed' wat verbind en nuwe lewe vorm.



E.2.

Gape motho o a tle a loiwe ka dinama tsa motho o a suleng<sup>(5)</sup> mme dingaka tsa bontate ba tla mo alafa gore a fole.

'n Mens word ook getoor deur die vlees van 'n mens wat dood is<sup>(5)</sup>, en die dingaka van my vader-hulle (se tye) sal hom 'dokter' sodat hy gesond word.

E.3.

LEOBU MO SETLHARENG SA DITSHEKO

(Motlhako-*ngaka*, Mathubudukwane, Botswana, 1955)

Re mo tirong e tona ; ge e ka bo e se wena, nka bo ke sa dumele. Tiro e ke ya bongaka mme e bosilo thata e. Ke go re ke tiro e tona tona thata, e e sa tseweng kwa gaufi. Ge e se motho jaaka wena, nka be ke seka ka e mo na'a.

Setlhare sa ditsheko ke *Motšhotlho*<sup>(7)</sup>, o epa modi 'a ona; o o thuge, o nne bopi, o o anegi, o o omisi.

Jaanong gê:— o batla *leobu*. Le lona o le bolaye, o le omise ka mollo go re le omele, o tsee letlapa, o le sile go re le tswe bopi. Jaanong ge o tla le tlhakanya le modi wa *Motšhotlho*. Tsona di pedi fela, ga go tsene sepe mo teng.

Jaanong ge: wa e bona letlhakanyana le? Ke e sega ka thipa, ke a phunya ka legonyana, ke le kgwaisa, go le ntsha phatlha. Yaanong ke tla tsaya leselenyana, ke le thiba ka fa tlhakore le lengwe mme ke tabole bupe bo ke bo bakantseng, ka lona. Yaanong ke thiba ka ntlha tsotlhe ka lesela. Lege nka dira di le tharo kampo di le nne.

O di ba'a mo teng ga 'tosing'<sup>(9)</sup> ya sethlaro mo o beileng bopi bo mo teng.

'Tsatsi le o tlelwang ke tshoko, o ya tshkong; o tsa'a lona letlhakana le, mme o tsama'a ka sona. Mme ge o ntse o tsama'a, o ntshe letlhakanyana le, mme o le thibolle ka ntlha tsotsotlhe. O le tspe, o le tlhome mo molomong, o bulle o re: "phuu! " Letlhaka o le latlhele fa pele ga gago o le tlolaganye, o fetele kwa pele kwa tshkong.

DIE VERKLEURMANNETJIE<sup>(6)</sup> IN DIE KRAGMIDDEL VIR REGSGEDINGE

Ons is besig met groot dinge; as dit nie jy was nie sou ek nie ingestem het nie. Hierdie is die *ngaka* se werk en is 'n kwaai saak. M.a.w. dit is 'n baie gewigtige werk, wat nie hier naby gevind word nie. As dit nie iemand was soos jy nie, sou ek dit nie aan hom gegee het nie.

Die medisyne vir regsgeginge is *basterkaree*<sup>(7)</sup>; mens grawe die wortels, stamp dit fyn tot 'n poeier, en sprei dit uit om droog te word.

Dan soek jy 'n verkleurmannetjie. Die moet jy ook doodmaak, dit droog oor die vuur totdat dit heeltemal droog is, dan neem jy 'n klip en stamp dit tot poeier. Dan meng jy dit met die basterkareewortel. Net die twee: daar kom niks verder in nie.

Nouja: sien jy hierdie rietjie?<sup>(8)</sup> Ek sny dit met 'n mes en steek die gaatjie oop met 'n houtjie, en hol dit uit om 'n opening te kry. Ek neem dan 'n lappie en maak dit aan die een kant toe en skep die poeier wat ek berei het, daarmee. Nou maak ek albei kante toe met lap. Ek kan selfs drie of vier maak (van hierdie rietjies met poeier).

Jy sit hulle in die 'dosie' met 'medisyne', waarin jy die poeier gesit het.

Die dag wanneer jy deur 'n regsgeging oorval word, dan neem jy hierdie rietjie en gaan daarmee. Terwyl jy loop haal jy dan hierdie rietjie uit en maak dit aan albei kante oop. Jy neem dit, steek dit in die mond, en blaas: "phuu! ". Die rietjie gooi jy voor jou uit en stap daaroor en gaan voort na die hofsitting.

(5) Jy neem dan saad v.d. dood en plant dit in iemand om ook so dood te gaan.

(6) Die Verkleurmannetjie speel vanweë sy vermoë om sy kleur te verander 'n baie belangrike rol in die towery van die Tswana, soos hier en ook elders aan die lig kom.

(7) *Motšhotlho*: (Pl. 363) *Rhus leptodictya*, basterkaree, bergkaree.

(8) 'n Dun rietjie word geneem en 'n 2 duim lang stukkie afgesny. Die openinkie omtrent 1/4 dm. wyd, word goed uitgekrap.

(9) 'tosi' of 'toisi' van Afr. dosie. Enige blikkie vir snuifdoos gebruik is so 'n 'tosi'.

E.3.

Ge o fitlha kwa tshekong o tla disa go re go tsama'a jang. Ge go siame, o tla bona go re go siame. Mme ge go sa siama o tla nno o bona. Ke go re tsotsotlhe re di kopa mo Modimong, mme ge Modimo o sa dumele, ga go kake ga thusa sepe. Ge Modimo o rata, nka fenyatsheko e.

Ge o bona leobu le dirisiwa mo molemo o wa tsheko, ke go re e na le tiro e kgolo thata. Ge ke e bona, ke a e bola'a. Ke go re e fetoga mebala mme ga o kake wa bolela mala wa yona go re e ntse yang.

Ge se tsena mo molemong wa tsheko e ya thusa ka gobane le mo tshekong ge ba go sekisa, ga ba nke ba itse go re ba ka go sekisa jang, kampo ba ka go bona molato ra kae. Fa gongwe e tsaya ngwaga tse tharo, wa pala go athloga mme ba tla go tlogela ba sa itse go re ba ka:reng!

More o wa tsheko, ganke ke o naya motho o mongwe le o mongwe fela, ge e se o ke itseng go re o, ke a mo ikanya, ebile ke a rata go re Modimo ekete o ka mo thusa.

Ditlhare tse, ge re ntse re di dirisa jalo, ga se go re ke boitirelo ba rona. Go tswa ga *Lôwê*(10), mme bo tšile le bo-rra-etsho mogolwagolwane.

*KUAMESI*(11)

Kuamesi ke pheko e kgolo ya sephiri ya ditsheko.

Ke yona e e fenyang *legakabe* le *morubitshe* le *ntsu* le *ramolongwane* le *ma masiloanoka*.

Kana e a di pagama, e di nna mo magetleng mo gare ga diphuka tsa tsona e ntse e di loma. Ya ne e fofela mo tlhogong e di tobola e boele mo magetleng, di ntse di fofa. Ke go re: e nyenyane mme e di fenyatsotlhe.

Ke pheko ya ditsheko, mme e tswakantswe le *Matlhomaganyane-a-noka*. (12)

As jy by die hofsitting kom, dan sal jy oplet hoe dit verloop. As dit goed gaan sal jy sien dat alles reg is. Maar as dit nie goed gaan nie, sal jy dit bemerk. Dit wil sê ons vra alles van God, maar as God nie wil nie dan help dit niks nie. As God wil, kan ek hierdie hofsaak wen.

Waar jy vind dat die verkleurmannetjie gebruik word in hierdie hofsaakmedisyne, is dit vanweë die groot waarde daarvan. As ek een kry, maak ek hom dood. Die rede is dat hy van kleur verander en jy nie kan sê wat sy kleur is nie.

As hy in die hofsaakmedisyne gesit word, help dit, want as hulle jou onder kruisverhoor neem sal hulle nie weet hoe hulle jou kan skuldig vind nie. Miskien sal dit drie jaar duur en daar nie oor jou uitspraak gegee kan word nie; hulle sal jou laat vaar en nie weet wat om te doen nie!

Hierdie hofsaakmedisyne, sal ek nie aan enige persoon gee nie, behalwe aan een wat ek weet dat vir hom vertrou ek, en ook wil ek hê dat God hom moet help.

As ons so hierdie medisyne gebruik, is dit nie willekeurig nie. Dit dateer van *Lôwê*(10) af, en is deur ons groot-groot vaders gebring.

*DIE SWART VOËLTJIE*(11)

Die swart jaagvoëltjie, is 'n baie belangrike en geheime kragmiddel vir regsgedinge.

Hierdie voël wen die witborskraai, en die uil en die arend en die reier en ook die hamerkop.

Hy klim naamlik op hulle, en sit op hulle skouers tussen hulle vlerke terwyl hy hulle byt. Hy vlieg dan na die kop en pik hulle en sit dan weer op die skouers, alles terwyl hulle vlieg. Dit wil sê hy is klein, maar raak hulle almal baas.

Dit is 'n kragmiddel vir regsgedinge, nadat hy gemeng is met rivier-*Matlhomaganyane*.

(10) *Lôwê*: Die plek waar die skepping sou plaasgevind het, of liewers: die grot waaruit mens en dier heel aan die begin uit die aarde gekom het. *Lôwê* is ongeveer 30 myl N.W. van Gaberones in Botswana.

(11) *Kuamesi*: die vinnige swart voëltjie wat die groter voëls jaag.

(12) *Matlhomaganyane-a-noka*: 'n swart wortel met verdikkings gaandeweg na onder, langs die oewers van riviere.

E.4.

E.4.

Ke go re: Mo tshelong motshodi wa pheko e, o tla nna a bodiwa dipotso ke babatona, mme le ene a boa a botsa dipotso tsa gagwe tse di tla ba pallang; ba ntse ba mo sutisetsa kwa pele, a ntse a ba palla, mme go sena o a dumelang gore ke ene o a sekang nae.

Kgetse e be e latlhiwa, ke gore ga a na molato.

Fela, pheko e ga a batle gore a fiwe batho ba ba senyang. E batla go dirisiwa fela mo bathong ba ba tshwanetseng.

Dit beteken dat in 'n regseding, die persoon wat hierdie kragmiddel het, telkens vroe gevra word deur die senior manne, en dan sal hy ook sy vroe begin stel wat hulle nie sal kan antwoord nie. Hulle sal hom hoër-op aankla waar hy hulle ook sal baasraak en niemand sal glo dat dit hyself is wat 'n saak teen hom maak nie

Die saak sal uitgegooi word, dit wil se hy word onskuldig bevind

Net, hierdie kragmiddel moet nie gegee word aan mense wat skade aanrig nie. Dit moet net gebruik word deur geskikte mense.

E.5.

*TLHOLWE*

Go *tlholwe*<sup>(1)</sup> : ke mmutla wa lentswe me ge o o bona, wa re wa o bolaa, o tliilo le palla. Ke gore ke motlholo. Re re re re a o bolaa, mme wa pala. O tlo bo o tswa, o tsama'a gape o boela kwa o tswang, ka o romilwa.

Re tsa'a madi a tlholwe le boboya ba teng. Di tsena le meleko. Se o yo se makallang gore ke motlholo, ke tliilo se dirolla ka tlholwe.

Jaaka ge re le mo ntweng, nka roma tlholwe kwa go sera sa rona. Mme ba tliil e makalla e le mo gare ga bone. Mme fa ba goditseng mollo teng, e tshwanetse go tlo tlola mollo e be e tshaba ba ntse ba maketse.

Le ba ba ka reng ba e thuntsa, ga ba kake ba e bolaya.

Go rialo go kaya gore ntwala e tla tlhola, e fela e sa kgone sepe.

Ke gore ka gale ge tlholwe e ka tsena mo gare ga banna, ba tshwanetse gore ba e begele, e tle e 'bonwe'<sup>(2)</sup> gore: nare mokgwa'a yona ke ge e tlhoma e reng!

*DIE ROOIHAAAS*

Daar is die rooihaas<sup>(1)</sup> wat in die koppies bly en as jy hom sou sien en probeer om hom dood te maak, sal julle dit nie regkry nie. Dit is 'n wonder. Ons het probeer om hom dood te maak en kon nie. Hy kom net weer uit en gaan verder, weer terug na vanwaar hy gekom het, aangesien hy gestuur was.

Ons neem die rooihaas se bloed en sy hare. Dit word gevoeg by toormiddele. Dit wat jy as 'n wonder kan beskou, sal ek tot niet maak met die rooihaas.

Soos wanneer ons in die oorlog is, kan ek die rooihaas stuur na ons vyand. En hulle sal hulle oor hom verwonder daar so tussen hulle. En daar waar hulle vuur gemaak het, moet hy dan oor die vuur spring en dan vlug terwyl hulle nog verwonderd is.

Ook hulle wat meen dat hulle hom kan skiet, sal nie in staat wees om hom dood te maak nie.

Dit beteken dan dat daar geveg sal word, en ophou sonder dat iets bereik is.

Dit meen dan dat altyd as 'n rooihaas tussen manne verskyn, dan moet hulle dit aanmeld sodat hy (met die dolosse) ondersoek kan word, om vas te stel: Wat dink hy eintlik doen hy as hy so maak!

(1) *tlholwe*: die berghaas of rooihaas.

(2) 'bonwe': gesien kan word, hier: deur dolosse ondersoek kan word.

E.6.

**KGWADIRA**<sup>(1)</sup>

(Kgatla-*ngaka*, Pilansberg, Tvl. Okt. 1965)

Kgwadira ke pheko ya marena, le dingaka. Kgwadira ke *phepa*<sup>(2)</sup> ya dipheko tsa meleko ya kago tsa merafe.

Kgwadira ke nonyane e e kgonang go phutha merafe ka bontsi thata ge kgosi e sebeta ka yona.

Dipheko tsa yona ke  
*seboko sa motlhwa*,<sup>(3)</sup>  
*kgosi ya dintshi*,<sup>(4)</sup>  
*motho*,<sup>(5)</sup>  
*mpherefere*,<sup>(6)</sup>  
*lenano*<sup>(7)</sup>  
*borekhu ba moretlwa*.<sup>(8)</sup>

*Dintsi* tse di tlhakaneng, ebong tsa mefuta yotlhe, go kaya mefuta ya batho ba ba kgobokangwang.

Gape go tsengwa *Kebodile*<sup>(9)</sup> le *Mokaikai*.<sup>(10)</sup>

**DIE VISAREND**<sup>(1)</sup>

Die visarend is 'n kragmiddel vir hoofmanne en *dingaka*. Die visarend is 'n 'reine'<sup>(2)</sup> vir die middele teen toordery van die ontwikkeling van volkere.

Die visarend is 'n voël wat menigtes bymekaar kan bring, as die stamhoof met hom werk.

Die middele wat by hom toegevoeg word is:

die rysmierkoningin,<sup>(3)</sup>  
die byekoningin<sup>(4)</sup>,  
'n mens,<sup>(5)</sup>  
die pendoring<sup>(6)</sup>,  
die 'katdoring'<sup>(7)</sup>  
en die gom van die rosyntjiebos.<sup>(8)</sup>

Ook allerhande vlieë, om daarmee alle soorte mense aan te dui wat bymekaar kom.

Ook word nog toegevoeg 'Ek het vrot geword' en *Ipomoea Magnusiana*.

E.7.

**SELETSABANNA**

Ge monna a lwala, a bolawa ke bolwetse ba basadi, ke gore ge a ikutlwa botlhoko mo letheke, o tla alafiwa ka *Seletsabanna*<sup>(11)</sup>, se tlhakantswe le *Thepe*<sup>(12)</sup> le ge e le *Mosetlha*<sup>(13)</sup>.

**'DIE-MANS-LAAT-HUILER'**

As 'n man krank is aan die siekte van vrouens, dit wil sê as hy pyn ondervind in sy lende, dan sal hy gedokter word met die *bont kewer*<sup>(11)</sup>, nadat dit vermeng is met die *Thepe*-plant<sup>(12)</sup> of met die huilbos.<sup>(13)</sup>

- 
- (1) *Kgwadira*: die visarend, eintlik is dit die wit mis wat in die water val waar hy slaap wat so 'n gesogte kragmiddel is.
- (2) *phepa*: rein, reiniger.
- (3) *seboko sa motlhwa*: rysmierkoningin.
- (4) *kgosi ya dintshi*: die bye koningin.
- (5) *motho*: 'n menslike liggaamsdeel.
- (6) *Mpherefere*: *Gymnosporia tenuispina*, Mil. pendoring.
- (7) *Lenano*: (Pl. 643) *Asparagus virgatus* Bak. (katdoring-soort)
- (8) *borekhu ba moretlwa*: rosyntjiebos se gom.
- (9) *Kebodile*:
- (10) *Mokaikai*: *Ipomoea magnusiana* Schinz var. eenii (Rendle) A. Meeuse of *Cissampelos pareira* L.
- (11) Die *bont kewer* *Mylabris oculata* word deur vele 'dokters' gebruik, en na bewering gaan ook dikwels van die mans dood indien hulle 'n oordosis kry.
- Die *bontkewer* bevat tot 3% van die skerp prikkelmiddel *kantaridine*. Dit kan: 'strawwe maagdermprikkeling en maagwerking veroorsaak by diere, bewusteloosheid teweegbring, ontsteking van die niere ten gevolg hê en die dood veroorsaak.' (sien Steyn, D.G. : Vergiftiging van Mens en Dier, p. 76, 77).
- (12) *Thêphê*:
- (13) *Mosetlha*: (P1.151) *Peltophorum Africanum*, huilbos.

E.7.

Go tsewa lekwati la Mosetlha, o a le thuga le sen'oma, o tlhakanye bupi ba teng, "half teaspoon."

Thepe, o tsa'a medi ya teng, o e thuge, lege e sentse e le metsi, o o tlhakanye le Mosetlha.

O bo o tsee khukhwane e e bidiwang *Seletsabanna*, o e omise ka mollo o bo o e sile. O tla nosa monna ka nko ya thipa, gole gongwe fela, ka se ka bola'a motho.

O tla mo nosa mo gotlhe mo ka byalwa; phafana. G'o sen'oma mo nosa, o tsa'a Thepe, wa mo apela gape, o e mo nose. Go ya go timolla bogale bo ba setlhare se.

Yaanong monna ge a sena go se nwa, o tla tswa madi mmogo le moroto mme go fisa thata. Go tla dira gore a kue.

Ka letsatsi leo o tla bo a ntse a le mo botlhokong. E tla re kamosa a ikutlwa botoka. O tla thusega.

Die bas van die Mosetlha word geneem, jy stamp dit fyn nadat dit droog geword het, en jy meng daardie meel, 'n halwe teelepelsvol, (in die medisyne).

Jy neem die wortels van die Thepeplant, stamp dit fyn, selfs al is dit nog sappig, en meng dit met die huilbos.

Vervolgens neem jy die kewer wat genoem word "Mans-laathuiler", maak dit droog met vuur, en maal dit dan. Jy sal die man dan net 'n mespunt daarvan laat drink, slegs een maal, aangesien dit 'n persoon kan doodmaak

Jy sal hom dit alles laat drink met bier — 'n kalbas vol. Nadat jy hom laat drink het, neem jy Thepe en maak vir hom 'n aftreksel en laat hom dit drink. Dit help om die skerpheid van hierdie medisyne te verminder.

Nou sal 'n man nadat hy dit gedrink het, bloed saam met sy urine laat uitkom en dit sal verskriklik brand. Dit sal hom hardop laat gil.

Daardie hele dag sal hy in pyn verkeer. Die dag daarna sal hy beter voel. Hy sal baat vind (by hierdie behandeling)

E.8.

*SENANATSWII*(1)

(Kgatla-ngaka, Pilansberg, Tvl 30.7.1962)

Senanatswii ke pheko e kgolo ya boloi. Ke gore motho ge a loilwe ka yona o a budologa mme o nwa metsi thata. Mme la bofelo ke gore a swe Mme mo lenakeng la tshitlho le tshwanetse go tsena, le tle le thibelle meleko.

*DIE OPBLAASPADDATJIE*(1)

Die opblaaspaddatjies, is 'n belangrike kragmiddel vir toordery. Dit beteken dat as iemand daarmee getoor is, swel hy op en hy drink baie water. En op die ou end dan sterf hy. Maar in die 'medisynehoring' moet hy (die paddatjie) kom sodat dit pogings tot toordery kan afweer.

E.9.

*TSHWENE LE BOTSOFE*

(Kgatla-ngaka, Pilansberg, Tvl. 11.10.1962)

Ke bontshitswe ke ntatemogolo mo pontshisong gore ge batho ba kajeno ba sa tsofala jaaka ba bogologolo, molato ke gore ba tlogetse tlhago ya bogologolo ya dipheko tsa bo ntataabonamogolo.

*BOBBEJAAN EN OUDERDOM*

My afgestorwe oupa het aan my getoon in 'n openbaring dat die rede waarom vandag se mense nie soos dié van lank gelede oud word nie, is omdat hulle die sedes van lank gelede verlaat het, wat die kragmiddele van hulle voorvaders betref.

(1) *senanatswii*: opblaaspaddatjie

E.9.

Pheko ya go tsofala e e tsenang mo lenakeng, ke lerapo la tshwene e e kgologolo; e e sa tsholeng e na le bowa.

Ge e ka tsena mo lenakeng la mmele wa motho, ene o tliilo tsofala, moriri wa gagwe o bo o nna boleta jaaka wa tlhago ya motho; jaaka wa lesea ge le tsalwa.

(Kgatla-*ngaka* Pilanesberg, Tvl. 27.2.1967)

*Sebejane*<sup>(7)</sup> ke pheko ya leruo le dikgomo le tšhelete le bana.

Ge o rata lehumo la tsotlhe tseo, tswanelo ya teng ke go re ge o na le mosadi, o tshwanela go e mmontsha le go e mo naya, a e eja kgotsa a e metsa e le kgaragana.

Ke setlhare se se namang fa fatshe mme se na le mabele a masesane a kana ka lebelebele.

Ge o se kile wa se bontsha mosadi wa gago, ga a kitla a phelelwa ke bana. Ba tla swa babotlhe.

O sala ka leruo la tsotlhe fela, go sena ngwana.

Gape o tshwanela ke go e naya ngwana o mongwe le o mongwe yo a tsalwang ke mosadi wa gago, bonyaneng ba bona.

Ka go e sila boleta, e tswa bupi. O kgona go e ba nosa ka metsi, jalo.

Mme ge o kgona tsela ya sona, o tla bona bana le kgomo le mabele le tšhelete, gobane ke pheko ya leruo lo lotlhe.

*'N KRAGMIDDEL VIR RYKDOM*

'n Middel wat gebruik word om ryk te word aan beeste en geld en kinders, is *Sebejane*.<sup>(7)</sup>

As jy al daardie rykdom wil hê, dan behoort jy, as jy 'n vrou het, dit aan haar te toon en te gee, sodat sy dit kan eet of heel kan insluk .

Dit is 'n plant wat op die grond rank maar dit het klein koringkorreltjies wat so groot is soos manna.

As jy dit nog nie aan jou vrou getoon het nie, dan sal haar kinders nie bly lewe nie. Hulle sal almal doodgaan.

Jy bly met al die rykdom maar sonder dat jy 'n kind het.

Ook moet jy dit aan elkeen van die kinders gee waaraan jou vrou geboorte gee, terwyl hulle nog klein is.

Deur dit fyn te maal word dit 'n poeier, en jy kan dit dan vir hulle met water ingee.

Indien jy pligsgetrou so handel sal jy kinders kry en beeste en koring en geld, want hierdie is 'n kragmiddel vir volledige welvaart.

---

(4) *seriti*: 'afskaduwing', beeld, verskynsel van; (kom van *moriti*: skaduwee). Maar dit het ook 'n element van werklikheid, soos 'die gees van' iets.

(5) *leruarua*: groot vis in die see.

(6) *magogodi*: opdrifsels, na 'n oorstroming.

(7) *Sebejane*: 'n plat rankplant met saad soos manna.

E.28

**PHEKO TSA LERATO**

Dipheko tsa lerato gore ngwana wa mosetsana a nyalwe pila, a seke a tlhoka lenyalo, maina a tsona siao:

*Tlhokwalatsela*<sup>(1)</sup>  
*Radimonemone*<sup>(2)</sup>, le  
*Ntshalemorago*<sup>(3)</sup>.

O di sila bupe, di nna boleta, o bo o di naya ngwana wa morwetsana, a tlhapa mmele ka sona.

Ka nako ya beke tse pedi di sena go feta, a bo a tlhapa mmele gape go fitlha a bona monna rure.

Morago ga moo ga a kitla a bona matshwenyego ape.

**LIEFDESMIDDELE**

Die kragmiddele vir liefde sodat 'n 'meisiekind' reg sal trou, nie ongehuud sal bly nie, se name is die volgende:

wildeangelier<sup>(1)</sup>  
klipdagga<sup>(2)</sup> en die  
*Ntshalemorago*-plant<sup>(3)</sup>.

Jy maal hulle tot 'n fyn poeier en gee dit dan aan die dogter, om haar liggaam daarmee te was.

Nadat twee weke verby is, moet sy weer haar liggaam was (en so aan) totdat sy werklik 'n man vind.

Daarna sal sy nie meer teenspoed ondervind nie.

E.29

**PHEKO YA MHALATSANA WA MOTSE**

(Kgatlá-*ngaka* te Modipane, Botswana 25 Mei 1955)

Pheko ya *mhalatsana*<sup>(4)</sup> e itse go phatlalatsa motse, Ke go re: o bo o thaile ka one motse waago.

O tsaya *Lenyaonyao*<sup>(5)</sup> o e tlhakanya le *Moragangaka*<sup>(6)</sup> le *Sejabaleki*<sup>(7)</sup> le *Naolamoloi*<sup>(8)</sup>

Ge motho a ka tla a go romola mo motseng wa gago, a ka tsenwa ke bolwetse kwaabo, kampo a ka fselwa ke motse.

**DIE KRAGMIDDEL OM 'N STAT OP TE BREEK**

Die kragmiddel 'opbreker'<sup>(4)</sup> kan 'n stat (van jou vyand) uitmekaar laat spat, d.w.s.: As jy jou stat met die middel beskerm het. Jy neem *Craterostigma plantagineum*<sup>(5)</sup> en jy verbind dit met stinkbas<sup>(6)</sup> en *Scilla lancifolia*<sup>(7)</sup> en *Brunsvigia radulosa*<sup>(8)</sup>.

As iemand sou kom en jou beledig in jou eie stat, dan kan hy (maklik) siek word daar by sy tuiste, of sy stat kan afbrand.

E.30

**PHEKO YA GO AGISANYA**

Jaaka ge ke le *ngaka*, ke tshwanetse gore ke be le kitso kaga batho ba ke ba laolang, kampo ba ke ba alafang, gore ke tle ke ba thuse, ke seke ka nna mo lefifing

**DIE MIDDEL VIR INLIGTING EN VREDE MAAK**

Soos wat ek 'n *ngaka* is, moet ek kennis hê van die mense wat ek opdragte gee of wat ek behandel, sodat ek hulle kan help en ek nie in die duisternis bly nie.

- 
- (1) *Tlhokwalatsela*: (Pl. 465) *Dianthus namaënsis* Schinz. wildeangelier.  
 (2) *Radimonemone*: *Leonotis leonurus*, klipdagga.  
 (3) *Ntshalemorago*;  
 (4) *mhalatsana*: 'n kragmiddel om wraak te neem en die teenstander se huis uitmekaar te laat spring.  
 (5) *Lenyaonyao*: *Craterostigma plantagineum* Hochst.  
 (6) *Moragangaka*: (Pl. 457) *Pittosporum Viridiflorum* Sims stinkbas, bosboekenhout.  
 (7) *Sejabaleki*: (Pl. 535) *Scilla lancifolia* Bak.  
 (8) *Naolamoloi*: (Pl. 391) *Brunsvigia radulosa* Herb.

E.30

Yaanong ke tla epa *Maloomonate*<sup>(1)</sup>, modi w teng; ke o sila ke be ke o latlhela mo ganong. Ke go re le ge e le sephiri ke tla ne ke se utlwa. Ke go re jaaka nka fitlha dikgang, mme ke 'bereka' ka sona, ke tla be ke ne ke utlwela kgang e e neng e le teng.

Setlhare se, ka sengaka ke: *Ntige*, se kaya *tumelano*. Ke go re batho ba teng ga ba lwe; le a utlwana. Se na le tiro e kgolo, bogolo mo go agisanya. Se a rapadisa. Ke go re: motho ge o o dirisa, *mafoko a* o tla a buang a tlilo ba *monate*, a sa kgopise batho.

Kegore jaaka o le morena, kampo o le ngaka, kampo o le moruti, o Rrabatho. Mafoko a gago a tshwanetse a lolame, a tlhamalle.

Daarom grawe ek die wortel van 'Aangenamemond'<sup>(1)</sup>; ek maal dit fyn en gooi daarvan in my mond. Dit beteken dat al is dit 'n geheim, sal ek dit hoor. So sal ek, as ek op 'n saak afkom en daarmee te doen het, dan sal ek hoor wat presies gebeur het.

Hierdie plant se *ngaka* naam is: *Ntige*. Dit sinspeel op eensgesindheid. Dit wil sê die mense wat dit gebruik maak nie rusie nie, julle stem saam. Dit het 'n belangrike funksie veral wat vredemaak betref. Dit laat versigtig nader kom. Dit meen: as 'n mens dit gebruik, dan sal die woorde wat jy praat aangenaam wees en mense nie aanstoot gee nie.

Dit beteken dan, dat soos wat jy 'n hoofman is, of 'n *ngaka* of 'n leraar, is jy vader-van-almal. Jou woorde moet reguit wees.

E.31

*SESERWA*

(Ou Kgatla-segsman te Mathubudukwane, Botswana 19.8.1952)

*Seserwa*<sup>(2)</sup> ke mofuta wa bongaka. J.K. ke seserwa.

Mo bongakeng ba seserwa, ke go re jaaka mo botsalong ngwana a ka fiwa go latswa tshitlho mo ganong gararo. Go ntse. Ga a sa tlholo a bo ja; o feditse. Tiro ya tshitlho ke go thibella ba bangwe go go lówa.

Seserwa ke ge go alafilwe gangwe fela.

*EENMALIGE BEVEILIGING*

*Seserwa*<sup>(2)</sup> is 'n soort *ngaka*-praktyk. J.K. is 'n '*seserwa*'.

In die seserwa '*bongaka*' is dit soos bv. by die geboorte van 'n kind dan word aan hom van die 'kragself' gegee om 3 maal te lek. Dit is dan genoeg, en hy eet nie weer daarvan nie; hy is nou vir goed klaar. Die funksie van die 'kragself' is om andere af te weer om jou nie te toor nie.

Seserwa is 'n eenmalige behandeling.

(1) *Moloomonate*, *Ntige* (Nga.) (Pl. 136):

(2) *Seserwa*: 'n eenmalige behandeling vir permanente beveiliging teen toordery.



E.32

MOGATO

(Kgatla-*ngaka* te Pilanesberg, Tvl. 1962)

Gape *Khupamarama* ke 'mogato'(1).  
Le *Monnamontsho* ke 'mogato'. Le setlhare  
se se bidiwang *Mogato*, (2) ke mogato.

Mogatô ke gore ke pheko ya gore motho  
a tsidifallwe, ke gore tse di bosula di fapane  
nae.

Go tsewa modi wa teng, O a o tshuba. O  
na le go jewa, ebile o na le gore o itshase ka  
ona mo mmeleng. Ke gore ge go kabe go le  
dilo tse di tlhaga tse di ka beng di bolaa  
motho, kegore di gatege, jaaka ge o tsama'a  
mo nageng, mme re lemoga gore tau ge e go  
bona ya go makalla mme e go bolae.

'N 'TRAPPER'

Ook is die bitterappel 'n 'vertrapping'(1).  
Ook is *Cadaba aphylla* 'n 'vertrapping'.  
Net so is ook die plant *Sphedamnocarpus*  
*pruriens* (Juss. Szysz)(2) 'n vertrapping.

'n 'Trapper' beteken 'n kragmiddel om  
'n mens te laat afkoel, d.w.s. dat die  
'slegte dinge' van hom af moet padgee.

Mens neem die wortel daarvan, en jy  
steek dit aan die brand. Dit word geëet en  
ook kan jy jou liggaam daarmee invryf. Dit  
beteken dat as daar goed sou wees wat  
kom om 'n mens dood te maak, hulle  
'vertrap' moet word, soos wanneer jy in  
die veld loop, en ons weet dat as 'n leeu  
jou sou sien hy oor jou verbaas sou wees en  
hy jou sou doodmaak.

F.1

DITLHARE TSA SETSWANA

(Kgatla-*ngaka* te Mathubudukwane in Botswana 1953)

Ditlhare tsa Setswana di tshwana le  
tse Sekgoa. Ke gore, fa gongwe ge o ka tsaya  
sele sengwe, sa tlhoka mmatla. Di tsewe ka  
go tlhakatlhakana. Tse dingwe di tlhakangwa  
di le pedi, gongwe di le tharo go fitlhella di  
le nne.

Mo ditlhareng, re tla bona gore tse di  
nang le mebitlwa ke tse ditonanyana; tse  
di senang mebitlwa ke tse dinamagadi(3)

TSWANA-MEDISYNES

Die Tswana medisynes is net soos dié  
van die Witmense. Dit meen dat as jy mis-  
kien net een (bestanddeel) sou neem, dan  
kom dit krag kort. Hulle moet in mengsels  
gebruik word. Sommige word in pare  
vermeng, of drie van hulle, of tot by vier.

By die plante vind ons dat dié wat  
dorings het, *manlike plante* is; dié wat nie  
dorings het nie, is *vroulik*. (3)

F.2

'MOTHO KE TLOU'

Bagologolo ba re: "*Motho ke tlou, o a*  
*lwantshiwa*". Ke gore tlou e lwantshiwa  
ka marumo a le mantsi. Ke gona e ka  
digwang. Le motho o ntse jalo, o lekwa  
ka 'tlhare se, a lekwa ka 'tlhare se, jalo fela.  
Fa gongwe go tlaatla se se ka kgonang  
bolwetse bô.

Ditlhare tse di ka tshwarella lebaka, le  
ge e le ngwaga. Di ka dirisiwa ka nako  
engwe le engwe.

'DIE MENS IS 'N OLIFANT'

Die oumense sê: "'n Mens is 'n olifant,  
*hy word beveg*". Dit beteken 'n olifant  
word beveg met baie assegaai. Dan alleen  
kan hy neergetrek word. Ook is 'n mens  
so, (mens) probeer hom (eers) met hierdie  
dan met daardie medisyn (genees), en so  
aan. Moontlik kom dié medisyn wat  
daardie siekte kan oorwin.

Hierdie medisynes kan 'n lang tyd hou,  
selfs 'n jaar. Hulle kan te enige tyd  
gebruik word.

(1) *mogato*: 'n 'vertrapping', van bv. die siekte.

(2) *Mogato*: die plant wat die siekte vertrap bv. *Blepharis serrulata* Fic. & Hiern. en  
*Sphedamnocarpus pruriens* (Juss. Szysz.)

(3) Die onderskeiding van manlike en vroulike plante is 'n algemene gebruik onder die  
*Tswana-dingaka*.

F.3

**MOTSWAKO**

(Kgatla-*ngaka*, Rustenburg, dist. Tvl. 7.3.63)

Pheko engwe le engwe e na le e e e  
laolang. Ke yone e re e bitsang  
*motswako*.<sup>(1)</sup> Ke gore, ge pheko eo e .se  
teng, ke mo o tla bong o aketsa motho.

**VERSTERKER**

Elke kragmiddel het één (bestanddeel)  
wat hom oorheers. Dit is hy wat ons die ver-  
sterker<sup>(1)</sup> noem. Dit meen, dat as daardie  
bestanddeel nie aanwesig is nie, bedrieg  
jy 'n mens.

F.4

**'MOTSWAKO' MO BONGAKENG**

(Kgatla-*ngaka*, Rustenburg, distrik, Tvl. 26.6.1962)

Ke ge re bona sengwe mo ditsheding,  
mme re batla gore mo kalafing le ene o re  
mo alafang, kampo o re mo phekolang, le  
ene a tsee mokgwa wa phologolo eo.

Jaaka *leobu*, ge a tsama'a ka bonya; kampo  
*kgaga* ge e le boi; kampo *rankurunyane* gore  
motho ge re batla go mo latlhisa letshogô,  
(re dirise ka tsone).

Ke gore, molwetse wa kidibalo, ge a tswa  
lefulo mo ganong, ya be e le gore pelo e  
tletse lefulo. Mme lefulo le a mo idibatsa, la  
ba la tswa.

Ke tlii' o mo tlhatsisa ka . segwête sa thaba.  
Se se sweu ge ke se sedile. Ge o mo tlhatsisa,  
o tsaya leswana le le jang la bupi. O tla  
tlhatsa, a tswa lefulo le le thata. O le  
ntshitse mo makgwafong le mo pelong.

E tla re ge le dule mo'o ene, o tla bua  
mafoko a mantle, (ka) a fodile sentle.

Segwête gape mo kgotlholong se na le  
tiro e kgolo go ntsha sehuba mo mothong.  
Go nowa bupi ba teng bo tlhakantswe le  
metsi a bothitho gore a bo nwe. Mo o  
tlii' o tlhatsa, a ntsha lefulo, mme ge go le  
ntsi mo teng ga gagwe, o tlii' o e ntsha le  
lona lefulo le; ntsi e tla e ntse e utlwa yaana  
e re 'thata-thata' mo teng mo *borêgêrêgê*  
ba lefulo.

Foo e tla bo e le tirollo ya boloi.

Ge e le bolwetse ba 'taisis' nka ntsha  
lerole lo lotlhe mo go ene ka lefulo la teng,  
ka go mo tlhatsisa. Fela fa go ka mpallang  
ke go fodisa dinthonyana tseo, fa go neng  
go le lerole leo.

**'N 'VERSTERKMIDDEL' IN DIE  
GENEESKUNDE**

Dit is wanneer ons iets sien onder die  
lewendes, en ons wil hê dat in die genesing  
die een wat ons gesond maak, of wat ons  
'versterk' of 'beskerm', dat hy ook die  
eienskappe van daardie dier moet oorneem.

Soos 'n trapsuutjies as hy stadig loop;  
of ietermagô wat bang is; of 'n namakwa-  
duif sodat as ons die 'skrik' van iemand  
wil verwyder ons dit kan gebruik.

Die persoon wat vallende siekte kry,  
as daar skuim by sy mond uitkom, dan is  
dit sy hart wat vol skuim is. En die skuim  
laat hom flou word en kom dan uit.

Ek sal hom laat braak met die 'bergknol'.  
Dit is heeltemal wit nadat ek dit fyngemaal  
het. As jy hom laat braak, dan neem jy  
'n eetlepel vol van die meel. Hy sal opgooi  
en daar sal harde slym uitkom. Hy het dit  
uit sy longe en hart opgebring.

As dit uit hom uit is sal hy mooi kan  
praat, aangesien hy nou heeltemal gesond  
is.

Die 'bergknol' weer het 'n groot funksie  
by die hoes om die slym uit 'n mens te  
kry. Die poeier daarvan word gedrink, ge-  
meng met lou water sodat hy dit kan drink.  
Hy gaan hier opgooi en die skuim uitbring,  
en as daar 'n vlieg (of brommer) in hom  
is, sal hy dit uitbring saam met hierdie  
skuim. Die vlieg kom lewendig uit en  
maak nog 'thatathata' (met sy vlerkies)  
in die glibberigheid van die skuim.

Dit sal dan die 'ontdoening' (genesing)  
wees van die toordery.

As dit myntering is (waaraan iemand  
ly) kan ek al die 'stof' uit hom verwyder  
met die skuim van hierdie knol deur hom  
te laat braak. Waar dit my egter sal  
baasraak is om daardie seertjies gesond  
te maak waar daardie stof gewees het.

(1) *Motswako*: die belangrikste of deurslaggewende *pheko* (kragmiddel) wat in 'n  
preparaat moet kom. Dikwels die kenmerkende eienskap van 'n dier. Dit is dus  
die 'versterker'.

F.5

GO RUF<sup>(1)</sup> SETLHARE

(Kgatla-*ngaka*, Rustenburg distrik, Tvl. 2.2.1965)

Mo malobeng, ka di 26/1/65 ke ne ke le kwa Tlhakong, ka uitlwa gore go na le setlhare se se bidiwang *Senamane*.<sup>(2)</sup> mme se gola jaake *Monamane*.<sup>(3)</sup>

Se tswa madi. Mme setlhare se, se tliile le bagologolotala, ba se byala mo molapong wa Tlhakong, mme sa tlhoga. Ge dintwa di lowa, ba se tlogela, ba ya kwa Manyelanong. Go boya, ba se boela kwa maropeng, ba tla go aga gape fa teng.

Beng ba sona ba ne ba se rufa, ka go se bolaela nku, ba se kgatšhe ka madi a nku motho a *apotse*.<sup>(4)</sup>

Jalo ge a buisana le sona, a se kgatšha jaana a re: "Ke tletse go tlo go tsaya, ke sebetsa ka wena."

Jalo ge, o tla tsaya selepe a se rema.

O se rema mo koteng, mme se tla tswa madi, mme a *dibeletsa*.<sup>(5)</sup> ona.

O ya go a omisa. Ge a oma, o a a thuga, a a sila. O tla tlhama lenaka ka ona. Ke lenaka le le senang phetolô.<sup>(6)</sup> Ge le itaya ka lona, re itse ge le dirile molato.

Nna ka ke ne ke sena se nka rufang setlhare sa *Monamane*, ke tsere thipa, ka tlhaba mo go sone, ka letlalo la teng le le boleta.

Kamoo. ka tsaya šeleng ka se tesnya mo phatleng ka re: "Ke a go rufa, gore ke yo sebetsa ka wena."

OM 'N BOOM TE VERGOED<sup>(1)</sup>

Nou die dag op die 26e Januarie 1965, was ek op Mabeskraal en ek het toe gehoor dat daar 'n plant is wat *Senamane*.<sup>(2)</sup> genoem word en dit groei net soos die *Monamane*-plant.<sup>(3)</sup>

Daar kom 'bloed' uit (die plant). Hierdie plant het saam met die mense van lank gelede gekom, en hulle het dit in die vlakke van Mabeskraal geplant, en dit het gegroei. Toe die stamgevegte nog geveg is, het hulle dit daar laat agterbly, en weggetrek na 'Manyelanong'. Toe hulle terugkeer toe vind hulle dit by die ou murasies en kom woon toe weer daar.

Die mense van hierdie plant het toe 'n 'vergoeding' gegee aan die plant, deur daarvoor 'n skaap te slag, en dan besprinkel hulle die plant met die skaapbloed terwyl die persoon sy klere uitgetrek het en heeltemal nakend is.<sup>(4)</sup>

Terwyl hy met die plant praat en dit besprinkel sê hy: "Ek het gekom om jou te neem, en werk met jou."

Hy neem dan 'n byl en kap dit.

Hy kap die stam, en daar kom 'bloed' uit en hy vang dit op.<sup>(5)</sup>

Hy neem dit dan om droog te maak. Nadat dit droog is, stamp hy dit fyn en maal dit. Hy sal daarvan 'n medisynehoring maak. Dit is 'n horing wat nie weerspreek<sup>(6)</sup> kan word nie. As julle hiermee sou tref, sal ons weet dat julle skade aangerig het.

Ek, aangesien ek nie iets gehad het waarmee ek die *Monamane*-boom kon vergoed nie, het ek 'n mes geneem en daarin gestee, aangesien die "vel" daarvan sag is.

Ek het toe 'n sjieling geneem en dit in die opening gesit en gesê: "Ek vergoed jou, sodat ek met jou kan gaan werk."

(1) *go rufa*: om vir 'n diens te betaal.

(2) *Senamane*:

(3) *Monamane*:

(4) In baie ernstige gevalle wanneer 'n persoon iets van die voorouergeeste wil vra moet hy 'nakend' voor hulle staan.

(5) *dibeletsa*: kom van go *dibela*, om veilig te bewaar, dus ook 'opvang'.

(6) *le le senang phetolô*: 'wat nie verander kan word nie, met ander woorde daar is nie 'n afweermiddel hierteen nie.

F.5

Jalo ge, ka tsaya selepe, ka rema;  
mme ga tswa madi, a nkgasa sefatlhego  
le letsogo la molema. Mme ka tswa more  
le mo sefatlhegong. Sefatlhego saaka sa  
baba, mme ka simolla go sebeta.

Ke ngathile gona go le gonye fela,  
ka e kopanya le dipheko tse dingwe go  
kgôna go dirolla selo se se ntlhagetseng,  
ebong go tswa ga more o.

Kamoo, mo malatsing a kajeno, se dumetse  
le nna, kajeno ke a bona. More otlhe o  
thubegile. Go setse *phoa*<sup>(7)</sup> ga sefatlhego.  
Ge ke ne ke rufa ka šeleng, ke gore ke ne  
ke leboga badimo ba setlhare.

Daarop neem ek toe 'n byl en kap;  
en daar kom toe bloed uit wat in my gesig  
spat en op my linker arm. Daar het toe  
swere op my uitgekom, ook in my gesig.  
My gesig het gejeuk, maar ek het toe  
begin werk (met die middel).

Ek het 'n klein stukkjie daarvan geneem  
en dit met ander kragmiddele gemeng om  
daardeur in staat te wees om dit wat met  
my gebeur het weer ongedaan te maak,  
d.w.s. in verband met die swere.

Om daardie rede 'beheer' ek die  
middel nou, en kan ek vandag weer sien.  
Die swere het almal oopgebreek en net  
die gesig is nog geswel<sup>(7)</sup>. Toe ek met  
die sjieling vergoed het, was dit toe ek  
dankie gesê het aan die voorouergeeste  
aan wie daardie boom behoort.

F.6

MELAO YA GO EPA MEDI

(Kgatla-*ngaka*, Botswana. 1955)

*Molao* wa go epa medi ke go re:  
*lehwiti, fa o no o epa teng, o se ke wa ba  
wa katelwa.* Go ka thibella bolwetse go  
tswa mo nameng ya motho. Fela jaaka  
bônoko, bôthakadu, ba tlogela ba sa  
tshela.

Ge ke epa *Mosetlha*<sup>(8)</sup> go alafa bolwetse  
ba *ditoiwa*<sup>(9)</sup> ke go re ba boloi, ke tla epa  
*modi o o kwa botlhabatsatsi o kgaolwa*  
'stoki' (3 dm.) ke tla be ke epa gape kafa  
bophirimatsatsi ke tsaya wa bophirima ke  
lokela wa botlhabatsatsi, ke o tshelle. Wa  
botlhabatsatsi ga o tshelwe. Mme ke tla  
boela kwa morago ke sa gadime.

Ge go dirwa jalo, gatwe modi o o kwa  
botlhabatsatsi ke o monna, o o kwa  
bophirima ke o o monamagadi. Mme ka  
go fetola medi e, ke go fetola bolwetsi gore  
bo katoge maemo a bona a thata, ke tle ke  
bo kgone!

VOORSKRIFTE BY WORTELS GRAWE

Die *reël* vir die grawe van wortels is:  
*die gat, waar jy gegrawe het, moet nie  
toegegooi word nie.*

Dit kan die siekte verhinder om uit die  
liggaam van die mens te kom. Net soos die  
ystervarke en erdvarke, hulle laat dit  
net so, sonder om toe te gooi.

As ek van die huilbos<sup>(8)</sup> grawe om 'n  
siekte te behandel wat deur toordery<sup>(9)</sup>  
veroorsaak is, dan grawe ek die wortel aan  
die oostekant,, 'n stuk van omtrent 3  
duim, en dan grawe ek weer aan die weste  
kant en neem dié van die weste en sit dié  
van die oostekant (in die plek daarvan)  
en gooi dit toe.

Aan die oostekant gooi ek nie toe nie.  
Ek gaan dan terug sonder om om te kyk.

As dit gedoen word, dan is dit omdat  
gesê word dat dié aan die oostekant die  
*manlike* is, en dié aan die westekant die  
*vroulike*. En deur nou hierdie wortels om  
te ruil word die siekte ook omgeruil om  
sodoende van daardie vaste punt af te  
verskuiwe, sodat ek dit kan baasraak!

(7) *phoa*: opswelling. Hierdie hele gebeurtenis is deur die *ngaka* beskryf tydens sy besoek, toe aan hom gevra is waarom sy hele gesig so opgeswel is.

(8) *Mosetlha*: (Pl. 151) *Peltophorum africanum*, huilbos, huilboerboon.

(9) *ditoiwa*: seldsamer vorm vir *boloi*, toordery.

## F.7

**LESWALO LE LE KOPANG  
 MATLHÔGÔNÔLÔ A MODIMO**
**DIE VOORSPOEDPREPARAAT WAT  
 SEËNINGE VAN GOD VRA**

(Motlhako-kruiedokter van Mathubudukwane, Botswana 1952)

Nna jaaka ke le ngaka, kampo wena jaaka o le Moruti, kampo morekisi wa lebenkele, re ka rapela go kopa matlhogonolo mo Modimo, kampo mo badimong, bona bo rraetsho. Le ge e le motho o mongwe le o mongwe, a ka rapela jalo ka *leswalo* (1)

Bosigo ge ke tsena mo ntlwaneng yame, kampo le ge e le motshegare fela, fa ke ratang teng, nka rapela ka *leswalo*; le ge e le ka letsatsi le letsatsi, kampo nka tlola letsatsi, kampo beke ge ke sa ikutlwa go rapela. Nako e ke rapelang Modimo ka botlalo, ke rapela ka *leswalo* le.

Thapelo ya *leswalo* e rapelwa ka go ngatha kgaragana mo kgaraga e kgolo e ke e dirileng. Ke a e *goloka*(2) ke be ke e tshuba ka mollo. Yanong ge e tuka ke a e a amela gore musi wa yona o ntsene.

Ganke ke o tima. O a itima, mme fela ge o re: 'Timi!' go tla thunya musi wa yona. Mme o tla tthamalela koodimo, ebile o a *tsokotsega*(3). Ke gore o a bitsa kwa le kwa, ntlha e, le ntlha e!

Jaaka ke le ngaka, e bitsa balwetse; kampo jaaka o le moruti, e go biletse matlhogonolo; ke go re' batho.

Ge e tthamalela koodimo(4) e rapela Modimo le badimo ba gago. Musi ó, kana ke wena o o rapelang. O rapela Modimo le Medimo gore o fiwe matlhogonolo a lefatshe le, a bophelo bo.(5)

Ek, soos ek 'n medisyneman is, of u soos u 'n leraar is, of die verkoper in 'n winkel, ons kan bid om seëninge van die Here te vra, of by die voorouergeeste, hulle ons vaders. Selfs al is dit enige mens 'hy kan so bid met die voorspoed-preparaat(1).

Saans as ek in my 'huisie'(kamer) gaan, of selfs sommer in die middel van die dag, net as ek daarna voel, kan ek bid met die voorspoedmiddel; selfs al is dit dag vir dag, of ek kan 'n dag oor slaan, of 'n week as ek nie daarna voel om te bid nie. Die tyd wanneer ek God in erns aanbid, bid ek met hierdie voorspoed-preparaat.

Die gebed met die middel word gebid deur 'n stukkie af te knyp van die groot stuk wat ek gemaak het. Ek rol(2) dit in 'n bolletjie en ek steek dit daarna aan die brand met vuur. Vervolgens, as dit brand adem ek dit in sodat die rook daarvan in my kan gaan.

Ek sal dit nie doodmaak nie. Dit gaan self dood, en net as dit sê 'Dood is hy!' sal sy rook te voorskyn kom. En dit sal regop trek, en ook wikkell dit.(3) Dit wil sê dit roep daar en daar, hierdie kant en daar die kant!

Soos wat ek 'n *ngaka* is, roep dit siekes; of soos u 'n leraar is, roep dit vir u seëninge: dit wil sê: mense.

As dit regop trek(4), bid dit tot God en jou voorvadergeeste. Hierdie rook, natuurlik is dit jy wat bid. Jy bid tot God en tot die aartsvadergeeste sodat aan jou gegee kan word die seëninge van hierdie wereld, van hierdie lewe.(5)

- 
- (1) *leswalo*: voorspoedsalf of kragself, van ongeskroeiende middele en met vet vermeng. Dit kan aangesmeer word aan die liggaam of 'n klontjie daarvan soos 'n kersie gebrand word as 'n 'gebed' om seëninge.
- (2) *goloka*: om iets soos deeg of klei in 'n bolletjie te rol.
- (3) *tsokotsega*: bewende regop trek soos 'n rokie.
- (4) *koodimo*: 'n saamgetrekte vorm vir *kwa go dimo*, na boontoe.
- (5) Die *ngaka* wat hierdie teks dikteer het en die *leswalo* berei en uitgedeel het is nou oorlede maar was 'n gesiene ouderling in die Sendingkerk.

F.7

Leswalo ge o ntse o tuka, o o arametse; wa nna o ntse o kopa matlhogonolo ka thapelo ya gago. O tla re:

“Medimo yame! Anke ke fiwe matlhogonolo a otlhe a ke a tlhokang. Le batho ke a ba tlhōka.” Ka re: “A ke fiwe, ke tshwane le batho babangwe.” Ka re: E, ka re: “Modimo wamê, go fedile, a go nne jalo, ke fiwe.”

Ka tshwanno ya teng, ke go re ke rapele re o a ntsetseng pele. Ke ene o o tla mpegelang ko Medimong ba e leng bo ntatemogolo. Mme ke bona ba ba tlanthapelang kwa Modimong.

Leswalo le ke rapelang ka lona, ke setlhare, matlhare a teng. Go thugwa matlhare; a kopangwa le mafura a diphilo tsa podi le dilo tse dintsentse tse di tsenang mo leswalong le.

Die voorspoed-preparaat, terwyl dit nog brand, moet hy dit inadem; terwyl jy al die tyd seëninge vra deurmiddel van jou gebed. Jy sal sê:

“My aartsvadergeeste! Laat aan my tog gegee word al die seëninge wat ek kortkom! Ook mense kom ek kort.” Ek sê: “Laat aan my gegee word, dat ek kan wees soos ander mense.” Ek sê: Ja ek sê: “My God, dit is al, laat dit so wees, dat ek gegee word.”

Soos dit behoort te wees, moet ek eerste my vader aanbid wat my verwek het. Hy is dit wat my sal aanmeld by die aartsvadergeeste, hulle wat hy voorvaders is. En dit is hulle wat vir my sal voorbidding doen by God.

Die voorspoedpreparaat waarmee ek bid, is 'n boom, die blare daarvan. Die blare word fyngestamp; dit word gemeng met 'n bok se niervet en baie goed wat in hierdie vetklontpreparaat kom.

F.8

*LESWALO LA MAKGONATSOTLHE*

*DIE 'ALLES-REGKRY' VOORSPOED-  
PREPARAAT*

(Motlhako-kruiedokter van Mathubudukwane, Botswana. 1952)

Ke leswalo le le tshubiwang ka legala. Go silwa dikala tsa more o o bidiwang *Makgonatsotlhe*<sup>(1)</sup>. E irwa leswalo, mme le kopangwe le nama ya pela. E tla beswa ka mollo, e omisiwe. Jaanong ge e omile, o e tsa o e thuga ka kika, e tswa bupe.

O bo o e tlhakanya le Makgonatsotlhe, le lerapo la motho o o sa swang, kampo lerapo le noga tse di tona. Kampo le ge e le letlalwana la kwena e lokelwa mo teng, kampo leobu.

Wa moṣsaya, wa mo besa mo mollong, o e sile e tswa bupe, o e loke mo teng. Ke tsona tse di tiisang leswalo le la Makgonatsotlhe.

Dit is 'n voorspoedpreparaat wat met 'n gloeiende kool gebrand word. Die takkies word fyn gemaal van die plant *Sphedamnocarpus pruriens*<sup>(1)</sup>. Hiervan word die voorspoedpreparaat gemaak, en dit word verbind met die vleis van 'n dassie. Dit word in die vuur gebraai en gedroog. As dit dan droog is, neem jy dit en stamp dit in 'n stampblok, totdat dit verpoeier. Dan meng jy dit met hierdie 'Alles-regkry'-plant, en ook *die been van 'n mens* wat nie dood gegaan het nie, of die been van 'n groot slang. Of selfs 'n stukkie vel van 'n krokodil word daar in gesit, of 'n verkleurmanneltjie. Jy neem hom, en hy braai hom in die vuur, en maal dit fyn tot 'n poeier, en sit dit daarin. Dit is hulle wat hierdie 'Alles-regkry'-voorspoedpreparaat kragtig maak.

(1) *Makgonatsotlhe*: Pl. 340, 252. *Sphedamnocarpus pruriens* (Juss.) Szysz. Die naam beteken: 'Dit wat alles regkry'.



F.9

**MEBITLWA E TLHABA BOTLHOKO BA PELO**

(Motlòkwa - *ngaka* van Botswana 7.5.1955)

Botlhoko ba pelo ke jaaka ge mosadi a swetswe ke monna kampōngwana.

Ge motho a bolawa ke pelo, re tlhaba segwere sa *Theteli*<sup>(1)</sup> ka mebitlwa ya *Mosu*<sup>(2)</sup>, re be re se tthathega. Re mo nose 'halfkopi' gabedi ka letsatsi.

Mebitlwa e, ke gore e tlhaba botlhoko go bo ntshetsa ka kwantle.<sup>(3)</sup>

**DORINGS 'STEEK' DIE HARTSEER**

Hartseer is soos wanneer 'n vrou se man dood is of haar kind.

As iemand se hart seer is, steek ons 'n slangkop-bol<sup>(1)</sup> vol haak-en-steek<sup>(2)</sup> dorings en kook dit. Ons laat daardie persoon 'n halfkoppie-vol (van die sop) drink, twee keer per dag.

Hierdie dorings steek naamlik die pyn om dit uit te dryf buitentoe.<sup>(3)</sup>

F.10

**LEE LA LEGAKABE**

(Kgatlā-*ngaka*, Pilanesberg, Tvl. 7.3.1963)

Ge ke batla legodu le le tshabileng le sentse, ke tsaya lee la legakabe, e leng lee la le letonanyana. Ke a le omisa mme ke ngatha mo teng ka e le motswako, mme ke le tlhakanya le mmitisa. Ke pheko. Le mamasiloanoka.

Ka boraro ba tsona di tshwanetse go dira tiro e ke e lopang badimong.

Phala<sup>(4)</sup> ya pheko e, e e tthamilweng, ke phala ya mooka<sup>(5)</sup>, *lelota*<sup>(6)</sup> la *samgwete*<sup>(7)</sup>.

Lelota le, le dirilwe gore e nne sethibo, e tle e re go o phunya mooka o sianele go thiba koo lona.

**DIE KRAAI EIER**

As ek 'n dief soek wat gevlug het en wat skade veroorsaak het, dan neem ek die eier van 'n kraai naamlik die eier wat 'n manlike kuiken(sou word). Ek laat dit droog word en ek breek daarvan af aangesien dit 'n 'versterker' is en meng dit met die heuningvoëltjie. Dit is 'n kragmiddel. En ook die hamerkop.

Hulle drie moet die taak verrig wat ek vra van die voorvadergeeste.

Die fluit<sup>(4)</sup> vir hierdie kragmiddel wat berei is, is die fluit van die mōkaby<sup>(5)</sup>, die was<sup>(6)</sup> van die onderste opening<sup>(7)</sup>.

Hierdie was is gemaak om te dien as 'n prop, sodat wanneer jy die mōka oopsteek, jy gou moet maak om daar toe te druk.

- 
- (1) *Theteli*: (Pl. 64) *Urginea sanguinea* Schinz (U. burkei Bak.) slangkop.
  - (2) *Mosu*: *Acacia tortilis* (Forsk.) Hayne subsp. *heteracantha* (Burch.) Brenan (= *A. litakunensis*) haak-en-steek.
  - (3) Die magiese werking word hier openbaar: steek die slangkop-bol 'seer' met dorings, sodat die seergemaakte bol die seer in die hart weer kan gaan uitdryf.
  - (4) *phala*: die fluit wat gemaak word om op te blaas, soos hier om die dief terug te 'roep'.
  - (5) *mooka*: klein swart bytjie in die grond. (mōkaby).
  - (6) *lelota*: bywās.
  - (7) *samgwete*: die onderste opening in die 'pot' van die mōkaby nes.

## F.10

Badimo ba mooka, ge ba ka dumela gore lelota le le thiboge, mafura a otlhe a ile. O tla bona motlhala 'a ona, ge a ela kwa tlase fela. O itse gore ona mooka ga teng, o eletse le samgwete. Mme mo kitsong ya motho o o epang mooka o itse gore sebopiwa sengwe le sengwe se na le Morena.

Jalo, ge, kitso yaaka, ke itse ge morena wa dintsi tsa mooka o tshabile, o ile kwa tlase.

Die voorouergeeste van die mōkabye indien hulle toestem dat die wasprop oopgaan, dan sal al die mōkaheuning (onder) uitloop. Jy sal net die spoor van die heuning sien as dit ondertoe gevloei het. Jy sal weet dat daar nie mōkaheuning is nie, dit het in die onderste pypies weggeloo. Volgens die kennis van elke mens wat mōka grawe, weet hy dat elke skepsel 'n heer (of leier) het.

Op hierdie wyse is my kennis dat ek weet dat die 'koning' van die mōkabye gevlug het, hy het ondertoe gegaan.

## F.11

*KHUPAMARAMA MO BOLWETSENG**DIE GROOT BITERAPPEL EN SIEKTE*

(Kgatla-*ngaka*, Pilanesberg, Rustenburg distrik. 1962).

Ge re bona motho a lwala thata, mme bolwetse ba gagwe bo gana ditlhare, re tsa'a peo ya Thola e kgolo, Khupamarama<sup>(1)</sup>, re di sila boleta. Re tlilo ne re mo fa ka metsinyana gore a nwe. Ge e le motho o mo tona, re mo naya a koma fela gore ditshika tso tsotlhe tsa gagwe di kgone go dumella setlhare. Go tsamaya le madi a gagwe, go fitlhella fa bolwetse bo ka bong bo le teng.

Mo lebakeng la 'beke', molwetse wa rona re tla bona phetogo mo go ene ka go batla dijo, kgotsa metsi.

As ons vind dat iemand baie siek is, en sy siekte medisynes wêier, dan neem ons die saad (pitjies) van die groot-bitterappel,<sup>(1)</sup> en maal hulle fyn. Ons sal dit aan hom gee met 'n bietjie water, om te drink. As dit 'n volwasse persoon is, gee ons dit aan hom en hy sluk dit eenvoudig in, sodat al sy are die medisyne opneem. Dit beweeg saam met sy bloed tot waar die siekte kan wees.

Na verloop van 'n week sal ons 'n verandering bemark by ons pasiënt deurdat hy wil eet of water hê.

## F.12

*NGWOGO KE MOTHUBISO**DIE NABOOM AS PURGEERMIDDEL*

(Kgatla-*ngaka*, Modipane, Botswana. 25.10.1954)

*Ngwogo*<sup>(2)</sup> ke mothubiso o ke o dirisang ge nka fitlhella motho a na le dijeso<sup>(3)</sup> kampo dibokwana ka mo maleng.

*Ngwogo*, kafa kitsong yame, ke itse mafsi a yone. Ke a a gama ke a kopanya le bupi, mme ke a gadikegadike ka mollo go a tlosa bogale bo bo tona. Ke be ke a tlhatlhole ke a fodisa, e le bupi fela jaanong.

Die naboom<sup>(2)</sup> is 'n purgeermiddel wat ek gebruik as ek by iemand kom wat 'vreters'<sup>(3)</sup> het of wurms, in sy maag.

Die naboom, volgens my kennis, weet ek hoe om die melk daarvan te gebruik. Ek tap van (die melk) en meng dit met meel, en braai dit dan oor die vuur om die ergste skerpheid daarvan weg te neem. Ek neem dit dan van die vuur af en maak dit koud, waar dit nou net poeier is.

(1) *Khupamarama, Thola e kgolo*: *Solanum incanum*, groot-bitterappel.

(2) *Ngwogo*: (Pl. 95) *Euphorbia ingens*, naboom; die 'melk' is baie giftig.

(3) *dijeso*: 'vreters', lewendige goed wat binne in jou maag woon en jou 'opvreet'.

F.12

Ke be ke tsaya ka nkô ya leswana gongwe ya thipa, mme ke tshela mo motlhodinyaneng gore motho a nwe.

Yaanong ke setlhare se se bêrêkang mala ka go thubisa Mme o tla thuba sentle. Fela a seke a ja sepe. Ge a nole mesong ka 8 o tla thuba ka 10, mme ka 12 o tla simolla go nwa motôgo.

Ge a na le dijeso ke tla di bolaya gore di tswela kwa ntle, go sa tlhole go le dibokwana. Sešesô se se ka tswang, ke gore ge go le noganyana, e tswa ka 'ditokinyana', le ge e le noga e e tlhogo di pedi.

Ke nosa Ngwogo e le nosi fela, mmogo le bupi, mme motho o tla fola.

Gape ke setlhare sa mosadi ge a kile a tshola ngwana mme a seke a 'rufa lefatshe', kegore a seka a ntsha madi a pelegi. Ke gore a phaphaletse fela, go sa tswe madi ape.

Jaanong ke tla mo nosa jalo ka nko ya thipa gabedi kampo ka 'half-teaspoon'. Mme ka nakonyana o tla boela mo mosuteleng<sup>(4)</sup> e nna motsetsi o o batlegang.

O tla simolla go ja dijo le go sisa mafsi a go anyisa ngwana.

Gape, la boraro ke setlhare sa ngwana ge a antse mafsi a ga maagwe a a seng pila. Ke gore mafsi a a bidiwang *phusa*. A setse a themile, ke gore o merwalo. Ke 'phoisen' mo ngwaneng.

Jalo, ke a se mo nosa, ngwana, ka nko ya thipa. Mme ke tla nosa ngwana ka 8, ka 10 dimpa tsa ngwana di tla bo di phofile<sup>(5)</sup>.

Ge ke fitlhela gore mosadi ga a dumele go nna mpa, ke tshwanetse go mo nosa gabedi ka nko ya thipa kampo 'half-teaspoon'. Mme go tloga foo, mosadi o tla bolela kafa o bonyeng mosese<sup>(6)</sup> wa'gwe o tsamaile ka tsela e mpša ka teng.

Ek neem dan met 'n lepel se steel of mespunt ('n bietjie) en gooi in 'n bietjie suurdeeg (bier) sodat die persoon dit drink.

Nou is dit 'n maagmedisyne deur dit te laat werk. Sy maag sal goed werk. Maar hy moet niks eet nie. As hy in die oggend om 8 uur gedrink het sal sy maag om 10 uur werk, en om 12 uur kan hy bietjie slap-pap eet.

As hy 'vreters' het, sal ek hulle doodmaak sodat hulle kan uitkom en daar nie meer wurmpies agterbly nie. Die vreter wat kan uitkom, dit wil sê as daar 'n slangetjie is, sal hy in stukies uitkom, selfs al is dit 'n tweekop-'slang'.

Ek laat hom slegs die naboom (melk) drink, saam met die meel, en die persoon sal gesond word.

Ook is dit die middel vir 'n vrou wat geboorte gegee het en sy nie die 'aarde bedank het met 'n geskenk nie', dit wil sê dat sy nie die bloed van die geboorte gestort het nie. Sy het net opgedroog sonder dat daar bloed gevolg het.

Ek sal haar dan so laat drink, twee mespuntevol of 'n halwe teelepelvol. En binne 'n kort tydjie sal sy terugkeer na die 'beesmis'<sup>(4)</sup> en sal sy 'in kraam' wees soos mens dit wil hê.

Sy sal begin eet en ook sal haar melk kom om die kind te soog.

Derdens is dit medisyne vir 'n kind as hy sy moeder se melk gedrink het wat nie goed is nie. Hierdie melk word *phusa* genoem. Dit het reeds dik geword, dit wil sê sy is swanger. Dis gif vir 'n kind.

Ek laat die kind dan 'n mespunt vol van die medisyne (naboom) drink. Ek sal dit vir hom 8 uur ingee, en 10 uur sal sy maag afgeblaas wees.<sup>(5)</sup>

As ek vind dat 'n vrou nie swanger word nie, dan moet ek haar twee mespuntevol laat drink of 'n halwe teelepelvol. En van dan af, sal die vrou sê op welke nuwe wyse sy gevind het dat haar 'rok'<sup>(6)</sup> geloop het. (Hoe dit met haar maandstonde verloop het.)

(4) *mo mosuteleng*: 'n vrou in kraam lê op ongeveer twee mandjiesvol droë fyn beesmis op die vloer, om die bloed en vloeistof by geboorte te absorbeer.

(5) die geswelde maag van die kind word 'normaal' van die purgeermiddel.

(6) *go bona mosese*: 'om die rok te sien', is om te menstrueer.

F.13

**MOJAJA KE MOTHUSO WA  
MABELE**

**OM KORINGSAAD TE BEHANDEL  
MET BOBBEJAANGIF**

(Kgatla-ngaka van Modipane, Botswana 25.10.1956)

*Mojaja*<sup>(1)</sup>, *More-a-noga*, *Nkolopane*,  
*Pôô e-tshetlha*, ke selo se la sengwe.

Mojaja ke o itse ge e le setlhare se se golo  
sa mabele, go dira mothuso wa mabele.

Ke gore ke se latele fela ge letsatsi le  
tswa. Ge ke fitlha fa go sôna ke gore  
moriti waaka o seke wa wela mo setlhare  
seo sa Mojaja. Ge ke fitlha ke tla se epa,  
mme ge ke tshwara segwere sa teng, ke  
tshwanetse go se phatlhola go ntsha  
sephaphati kegore semika se se kanang ka  
letsogo.

Ge ke sen'ô se ntsha ke a boella ke  
tshela fa mosimeng fa. Mme ke tshella ka  
maoto fela. Ke katela mosima ka maoto.  
Ge ke tloga, ke tlhamaletse kwa letsatsing  
le tswang teng, ke sa gadime kwa morago.  
Ke be ke tloga ke ya kwa gae.

Ke batla matlapana a le mane a  
magakwa. Yaanong mantsiboa ke di loke  
mo lengeteng mmogo le setlhare seo, ke  
di gadike mmogo. Ge di gadikegile ke di  
ba'a fa, gore di fole. Ke be ke sila segwere.  
Ke be ke se duba ka mafura a phofu. Ge ke  
se fetsa, ke tsa'a matlapana ale, ke y'ô go  
bapola tshimo.<sup>(2)</sup>

Ke be ke boela kwa gae, ke yo kopola  
kwa setlhareng sele se se dubilweng go yo  
go naya mosadi gore a kopanye setlhare  
se le mabele, a le mo leselong.

Ge a fetsa o tsaya peo gape go e isa kwa  
tshimong, a e isa mo ditikolong tse nne  
tseo fa ke beileng dimepe teng. Ke gore  
o 'bolotse mothuso'<sup>(3)</sup>

Ke gore batho ba tlaatla go kopa thuso mo  
go nna go dira jaaka ke dirile.

Bobbejaangif<sup>(1)</sup>, 'Gif-vir-slange',  
*Nkolopane*, 'Geel-bul' is dieselfde ding.

Ek ken bobbejaangif as die groot  
middel vir koring, nl. om die koring te  
help.

Ek moet die plant gaan soek as die  
son opkom. As ek by die plant kom dan  
moet my skaduwee nie op daardie  
bobbejaangifplant val nie. As ek daarby  
kom sal ek dit oopgrawe; en sodra ek by  
die knol kom, dan moet ek 'n stuk daarvan  
afkap om 'n skyf. uit te haal net so groot  
soos (my) hand is.

Nadat ek die stuk uitgehaal het, gooi  
ek weer hierdie gat toe. Maar ek gooi net  
met my voete die gat toe. As ek vertrek  
dan loop ek reguit na waar die son opkom,  
sonder om agtertoe te kyk. Ek gaan dan  
weg, en keer terug huistoe.

Ek soek vier wit kristalklippe. En as  
dit aand is, plaas ek hulle in 'n hol  
potskerf saam met daardie plant en ek  
braai hulle saam. Nadat ek hulle gebraai  
het, sit ek hulle hier neer om koud te  
word. En ek meng dit dan met elandvet.  
As ek klaar is neem ek daardie klippe en  
gaan om die tuin (land) vas te pen.<sup>(2)</sup>

Ek gaan dan huistoe, neem van die  
'medisyne' wat aangemaak is en gee dit  
vir die vrou sodat sy dit kan vermeng met  
die koring wat in 'n uitwanmandjie is.

As sy klaar is neem sy weer die saad  
na die land, en sit dit by die vier  
hoeke waar ek die vier 'penne' (klippe)  
gesit het. Dit wil sê sy het nou die  
'hulpmiddel losgelaat'.<sup>(3)</sup>

Dit wil sê die mense sal kom om van my  
hulp te vra om net so te maak soos ek  
gedoen het.

- 
- (1) *Mojaja*: (Pl. 58) *Adenia digitata*, bobbejaangif; 'n dodelik giftige bolplant wat oor die hele Kgatlagebied en tot in N. Tvl. voorkom.
- (2) *bapola*: vaspen soos 'n vel. Hier word die land 'vasgepen' dus beveilig. Die Christelike woord 'kruisig' wat in Tswana, *bapolwa*, *bapotse* is, se grondbetekenis is dus 'vasgepen'.
- (3) *o bolotse mothuso*: die hulpmiddel aan die werk gesit.

### F.13

Mme peo ya teng e tlhatswiwa ka *Mabofe* le ka *Mohubu*<sup>(4)</sup>. Ke gore a e tswe yotlhe kafa mmung.

Yalo mabele a tla nonofa a alogediwa, ka sona setlhare seo se dubilwe ka metse a a ka 'kiriwang' mo letshwagong la *Morula*<sup>(5)</sup>.

Jalo mabele, mong 'a tshimo o tla nteboga ka kgetsana ya mabele ge a sena go photwa.

Mme mothuso o o nong o sala ge go byalwa, o tshwanetse go apelwa bana mosokwana<sup>(6)</sup> kampo mosadi-mogolo.

En hierdie saad word gewas met *Cissus quadrangularis* (slingerplant oor heinings) en met wildedruif<sup>(4)</sup>. Die rede is: dat al die saad uit die grond moet bpkom.

So sal die koring krag kry en vrygestel word, aangesien daardie medisyne vermeng is met water 'gekry is' in die holte van 'n maroelaboom se mik.<sup>(5)</sup>

Wat die koring betref, sal die eienaar van die land my beloon met 'n sak koring nadat dit geoes is.

Die 'hulpmiddel'-saad wat oorgebly het toe daar gesaai is, daarvan moet pap<sup>(6)</sup> gekook word vir kinders of vir 'n ou vrou.

### F.14

#### TAKAPHEPA<sup>(7)</sup>

(Kgatla-*ngaka* van Malolwane, Botswana. 1953)

Tiro ya teng ke go tlhapisa mmele gore ke nne phepa. E tlosa leswe la bofifi; bofifi<sup>(8)</sup> be lesu.

Jaaka ge ke tlhapa ka ona, bo tla nthibella gore ke seka ka nkgela batho. Ke nne phepa mo o mongwe le o mongwe.

Tiro ya teng gape ke ya leswalo. E tsengwa mo teng gore leswalo le tle le nne phepa.

Le mo lenakeng la motse, gore motse o nne o o phepa; o ratwe ke batho mme ba seke ba tlelwa ke kotsi.

#### WIT KALKERIGE KLIP

Die funksie hiervan is om die liggaam te was, sodat ek rein kan wees. Dit neem die 'onreinheid' van 'verdonkering' weg; doodsverdonkering. (8)

As ek so daarmee was, sal dit verhoed dat ek vir mense onaangenaam sal 'ruik'. Dat ek 'skoon' sal wees vir elke een.

'n Verdere gebruik daarvan is in die 'voorspoedsalf' sodat dit 'skoon' kan wees.

Ook in die stat se medisynehoring (moet dit kom) dat die stat 'skoon' kan wees; dat mense daarvan kan hou en nie deur teenspoed oorval sal word nie..

- 
- (4) *Mohubu*: (Pl. 442) *Cyphostemma puberulum* (C.A. Sm.) Wild & Drummond, wildedruif, kom in die lente met sterk spruite uit die grond al is dit warm en droog.
- (5) Plante, en selfs water wat in 'n boomholte gevind word het groot 'krag'.
- (6) *Mosokwana*: koringpap. (suurpap is: *tiing*.)
- (7) *takaphepa*: is 'n sagte krytagtige spierwit klip.
- (8) *bofifi*: soos *sefifi*, donkerheid as gevolg van die dood.

F.15

**GO TIISIWA KA  
MATLHOMAGANYANG**

**OM VERSTERK TE WORD DEUR  
(pr.) EULOPHIA**

(Matebele-*ngaka* wat onder die Bakgatla woon te Sikwane, Botswana. 25.10.1954)

Tiro ya yona

Die funksie hiervan

**(a) Mo pông**

Ge o batla gore pông ya gago e tsamae le lesaka lo lotlhe mme gore dikgomo di tle di tsale, o tsa'a segwere sa Matlhomaganyang, o se kopanya le *Ngombe*, o di thuge o o kopanye' le metsi, o tshela mo letswaiing la pông, gore e tle e o je le letswai.

Yaanong o tla bona e palama dikgomo e sa lape, e be e di fetse tso tsothle. Mme dikgomo tsa lesaka le lengwe e tla di tlogela e sena sepe le tsona. Dikgomo tsa' go di tla tsala thata!

**(b) Mo monneng**, ge a ipona a le bokoa, a sena madi, o tla sega mo segwereng sa Matlhomaganyang o o thuge, o o tshela mo mafsing a podi kampo a kgomo, o bo o o nose monna, gangwe fela. Mme o tla tiya, a sa lape. Ke gore o tla tshola bana ba le ba ntsi mme ba latelana ka pele.

**(c) Mo motsetsing**: ge mosadi a le moimana mme a tshwengwa ke ditlhabi, o tla sega mo segwereng sa Matlhomaganyang o thuge, o tshela mo metsing a a nowang ke babotlhe mo lapeng gammogo le motsetsi. Yaanong ditlhabi di tla mo tlogela mme o tla tshola ngwana ka bonolo fela.

**(d) Mo peleging**, fa a palelwa, o tla tsaya bontlhabongwe ba segwere sa Matlhomaganyang o se thuge, o tshela marothodi a le mabedi a Mokgopa (o mogolo)<sup>(1)</sup> mo teng, ga mmogo le metsi, o bo o nose mosadi. Mme o tla tshola ngwana ka pele fela. Ke gore Matlhomaganyang o koba ngwana gore a tswa, go tle o o mo latelang. Matlhomaganyang o tla sala o baakanya madi a mosadi, go sena ditlhabi. Mme ge mosadi a ka nosiwa Matlhomaganyang go feta tekanyo, ngwana a ka tsholwa a sule, mme mosadi ene o tla bo a ntse a siame fela.<sup>(2)</sup>

**(e) Mo baneng**, ge o ka nosa bana metsi a a tshetsweng Matlhomaganyang le ge e le beke, ba tla phela sentle ba sa tshwarwe ke bolwetsi.

**(a) By 'n bul**

As jy wil hê dat jou bul die hele kraal moet besoek sodat die koeie kan kalf, dan neem jy die bol van Eulophia en voeg dit by die plant *Ngombe*, stamp hulle fyn en voeg water by, en gooi dit op die sout vir die bul, sodat hy dit saam met die sout kan eet.

Jy sal dan vind dat hyal die beeste onvermoeid besoek en afhandel. Maar die beeste van 'n ander kraal sal hy laat staan en niks met hulle te doen wil hê nie. Jou beeste sal baie kalwers kry!

**(b) Vir 'n man**: as hy bemerk dat hy swak is, nie bloed het nie, dan sny jy van die vol van die Eulophiaplant, en stamp dit stukkend en gooi dit in bok- of beesmelk en laat die man dan drink, net een maal. En hy sal sterk word en nie moeg word nie. Dit beteken dat hy baie kinders sal kry en hulle sal mekaar gou opvolg.

**(c) By 'n swanger vrou**: As 'n vrou swanger is, en gepla word deur pyne, dan sny jy van die bol van Eulophia 'n stuk af en stamp dit stukkend en gooi dit in die water wat deur almal gedrink word in die *lapa*, sowel as die swanger vrou. Die pyne sal haar verlaat, en sy sal gemaklik geboorte skenk.

**(d) By 'n bevalling**, as sy dit nie regkry (om geboorte te gee nie) dan neem jy die een helfte van 'n Eulophia knol en stamp dit fyn en gooi twee druppels van die groot aalwyn<sup>(1)</sup> (*Aloe marlothii*) daarin, sowel as water, en laat die vrou drink. En sy sal dan spoedig die kind baar. Dit beteken dat Eulophia die kind uitjaag, sodat die volgende een kan kom. Die plant sal dan bly en die bloed van die vrou regmaak, sonder dat daar enige pyne is. Maar as die vrou te veel van die plant gegee word, dan kan die kind dood gebore word, maar die vrou self sal niks makeer nie.<sup>(2)</sup>

**(e) Vir kinders**: As jy kinders water laat drink waarin Eulophia gegooi is, selfs vir 'n week lank, sal hulle lekker lewe en nie siek word nie.

(1) *Mokgopho o mogola*: Aloe Marlothii, groot aalwyn.

(2) Hiervolgens sou die Eulophia gebruik kon word vir vrugafdrywing.



F.16

GO TLHAPISA MOTHO KA  
MOKHURA WA NOKA

OM 'N MENS TE 'WAS' MET DIE  
RIVIERKASTEROLIEBOOM SE  
WORTEL

(Kgatla-*ngaka* van Ma'olwane, Botswana 1953)

Ditaola, ge di wele 'Mogolore' ke tsa'a modi wa Mokhura<sup>(1)</sup> wa noka. Ke a o tshuba, mme molwetse o a o aramela. Ke mo tlhabela ka ona, ditokollo tso tsotlhe tsa gagwe.

Mme ke tla dira jalo mo matshwenyego a otlhe a a ka tshwenyang motho o o tsileng ko'нна.

Ge di ne di wele: 'Mogolore wa kgaba', ke tsa'a modi wa Mokhura wa noka, ke a o thuga ke o tshella mo mogopong. Ke tsa'a *Mosimama*<sup>(2)</sup> le *Morarwana* ke di thuga, ke di tshella jalo mo mogopong. Ke be ke ga metsi a ntlha ge mosadi a tswa nokeng, pele a ise a giwe<sup>(3)</sup> ke ope, ke a tshella mo ditlhareng tsele mo mogopong.

Mantsiboana ke a mo tlhapisa, mme ge Modimo o rata o tla fola kgaba e. Ka e le motho, ke tla mo tlhapisa ka matsôgô. Kgomo, ntlu, lapa ke di tlhapisa ka seditse.

As die dolosse, 'Mogolore' geval het dan neem ek die wortel van die rivierkasterolieboom<sup>(1)</sup>. Ek steek dit aan die brand en die kranke adem die dampe in. Ek kerf hom daarmee in by al sy ledemate.

Ek sal so handel vir alle kwale waarmee iemand gepla word wat na my kom.

Indien hulle (die dolosse) 'Mogolore van verwensing' geval het, neem ek die rivierkasterolieboom se wortel, ek, stamp dit fyn en gooi dit in 'n houtbak. Ek neem die *Senecio longiflorus*<sup>(2)</sup> en *Morarwana* en stamp hulle fyn, en gooi hulle ook so in die houtbak. Ek skeep dan van die eerste water as 'n vrou van die rivier kom, voordat iemand daarvan geskep het<sup>(3)</sup> en ek gooi dit op daardie medisynes in die bak.

Teen die aand sal ek hom was, en as God wil sal hy van hierdie verwensing gesond word. Aangesien hy 'n mens is, was ek hom met my hande. Beeste, 'n huis, 'n werf was ek met die stertkwas.

F.17

NAWA YA MOKHURA

Lekakaba la nawa la Mokhura<sup>(4)</sup> le lentsho, le kotsi ge le ka tsena mo mabeleng. Ya re ge o ka a silela le mabele tsa ba tsa jewa ke motho mo dijong, motho wa teng o tshwanetse go tsenwa go fitlhela gala ya motho e di bodise mo maleng sentle. Ke gona di tla tswang.

Mme motho wa teng, morago ke molwetse wa *lekoka*<sup>(5)</sup>, gobane e tshumile teng ya motho.

O mo fe 'kasteroli', dikgaba tse tharo, a di nwe, a tlhatswege teng ya gagwe.

Ge e le mo dinong, batho be teng ba fetoga ditsenwa ka go di nwela le byalwa. Ba tla fola morago ga letsatsi.

DIE KASTEROLIESAAD

Die swart dop van die kasteroliesaad<sup>(4)</sup>, is gevaarlik as dit tussen die koring kom. Indien jy dit saam met die koring sou fynmaal, en dit deur 'n mens geëet sou word, dan sal daardie mens besete word, totdat sy gal dit in sy maag mooi laat ontbind.

Dan sal dit uitkom.

Maar daarna sal daardie kranke 'n invalide<sup>(5)</sup> wees, want dit het sy ingewande gebrand.

Jy moet hom kasterolie gee, drie lepels vol, wat hy moet drink, sodat sy ingewande uitgewas kan word.

As dit in die bier kom, verander daardie mense in besetenes, deur die (saaddoppe) met die bier te drink. Hulle sal eers na 'n dag weer gesond word.

(1) *Mokhura, Mogolore*: *Ricinus communis*, kasterolieboom.

(2) *Mosimama*: *Senecio longiflorus* (D.C.) Sch. Bip. sambokbossie.

(3) *giwe*: sametrëkking van *gaiwa, gaiwe*, dus 'geskep is'.

(4) *Mokhura*: *Ricinus communis*, kasterolieboom.

(5) *wa lekoka*: *wa kgale*, 'n invalide.

## F.17

Mala a bona a tla 'ipereka' thata motshegare le bosigo.

Kana lekakaba le kgomarela mo maleng, kante kasteroli e borethe. E tla e tlhatswa e e tlosa mo maleng.

Hulle mae sal verskriklik werk, dag en nag.

